# *VERWAGTINGE*

. . .hoofsaak van 'n bysaak maak, soos Dr. F. F. Bosworth, een van my medewerkers wat onlangs huis toe gegaan het na die hiernamaals, byna 'n honderd jaar oud (Hoeveel het ooit vir Broer Bosworth geken? Ek is seker baie van julle mense het hom geken.), hy het altyd vir my gesê, hy het gesê: "Wel, Broer Branham, waarvoor ons Goddelike genesing gebruik, dis net soos die aas wat jy aan 'n hoek sit. Jy wys nooit vir die vis die hoek nie, jy wys vir hom die aas, en wanneer hy die aas vat, kry hy die hoek." So dis hoe ons Goddelike genesing probeer gebruik.

2 Dis 'n gawe van God wat . . . en dan ons . . . dit trek die mense, en hulle sien iets gebeur wat hulle weet wat nie kan gebeur tensy God dit gedoen het nie, daarom draai dit hulle aandag weg van die dinge van die wêreld na God. Sien? En dis wat, die rede waarom ons sê dis 'n aas wat sondaars lei . . .

3 Wat ons hoofdoel hier is, is om die ongelowige te vang tot 'n geloof in God. Dis wat ons wil doen, is om te hê, die sondaar te sien bekeer tot 'n lewende geloof in ons Here Jesus Christus, en dis ons hoofsaak. Volgende ding is om die siekes en behoeftiges te probeer help om hulp te kry. En baie van hulle, natuurlik, soos dit regoor die wêreld is, is totaal hulpeloos, tensy God iets vir hulle doen, want ons mediese wetenskap, sommige van hulle is te ver heen daarvoor.

4 En ek het net gister die huis verlaat waar, of eergister, ja, gister, waar ek die Here 'n totale kranksinnige persoon sien neem het, wat vir twee jaar al nie eens weet waar hulle is, wat hulle naam is, of enigiets daarvan nie, en hulle tot hulle regte verstand herstel het, totdat die hele personeel van die hospitaal gesê het hulle het nog nooit so-iets gesien nie. Sien? 'n Totale kranksinnige persoon, 'n kranksinnige jong dame, twee jaar lank. En net, wanneer jy so-iets sien, weet ons dat dit God kos om dit te doen, dis net al.

5 Julle weet dat die mens nie dinge soos daardie kan doen nie, en dit is tog nie vir die mens gegee nie, Goddelike genesing, daar's net een soort genesing en dis Goddelike genesing, geen ander genesing behalwe Goddelike genesing nie. Alle genesing moet deur God kom, Psalm 103:3 het gesê: "Ek is die Here Wat *al* jou krankhede genees."

6 Nou, mediese geneesmiddels, medies maak nie aanspraak om te genees nie, hulle maak net aanspraak om die natuur te help, God is die Een wat die genesing doen. Daar is 'n onderhoud met my gevoer by Mayo Broers, en dis wat hulle vir my daar gesê het, gesê: "Ons maak nie aanspraak om mense te genees nie, ons maak net aanspraak om die natuur by te staan terwyl God genees."

7 Met ander woorde, as jy 'n sny in jou hand het, wel, hulle sal dit toewerk, hulle genees dit nie. As jy 'n siek blindederm het, kan hulle die blindederm uithaal, maar dis al wat hulle kan doen. As jy 'n gebreekte arm het, kan jy die arm spalk. Wie gaan die kalsium voorsien en wat dit verg om daardie been te heg? Dit verg, om selle te herbou, verg dit lewe, en *lewe* is wat genesing doen. Ons kan sny, opereer, ensovoorts, maar ons kan nie genees nie, God moet dit Self doen, dis 'n vermenigvuldiging van selle. Dit kom net deur God, dis die enigste Een Wat dit kan doen.

8 Ons kan 'n meganiese man maak, waar hy sy hande kan uitsteek, en amper dink, maar ons kan nie selle bou nie. Dis, God alleen doen dit. So, Hy is die Here, wat al ons siektes genees. Ons kan 'n tand trek, maar Wie gaan die bloed stop? En Wie gaan die plek genees waaruit dit gekom het? God dit nie doen nie, sal ons nooit genees word nie. Dis reg.

9 Wat as ek hierbuite was en my motor geswaai het, dis natuurlik 'n lang tyd gelede, reken ek, in die ou boggelrug Model T dae, nou, toe hulle altyd die ou motor geswaai het, wat as ek my arm sou breek, ek sou inhardloop, sê: "Geneesheer, genees net gou my arm, ek—ek moet my motor aan die brand swaai"?

10 Wel, hy sou sê: "Jy het verstandelike genesing nodig." Wel, dit sou reg wees. Sien? Hy sou sê: "Wel, ek, ten minste kan ek jou arm spalk, maar *Iets* hoër as ek moet dit genees." Dis reg. Hy kan dit spalk, en dis sy plig, dis wat ons behoort te doen, gaan en hom dit laat spalk, maar God doen die genesing. So, ek glo nie dat daar so-iets soos 'n Goddelike geneser buite God is nie, Ek glo dat God die enigste Geneser is wat daar is.

11 Daarom het mense baiekeer gesê: "Broer Branham, die Goddelike geneser." Nee, ek is net so min 'n Goddelike geneser as wat die pastoor 'n Goddelike verlosser is. So ek, ons preek net die Evangelie. Die Evangelie van die Here Jesus Christus is die goeie nuus dat Christus vir ons oortredinge deurboor is, ter wille van ons ongeregtigheid verbrysel is, die straf wat vir ons die vrede aanbring op Hom was, en deur Sy wonde daar vir ons genesing gekom *het*. Dis iets wat verby is. Sien? Christus het alles vir ons gedoen wat vereis was om gedoen te word, en alles wat gedoen kan word, is alreeds gedoen. Ek glo dat die enigste ding wat ons moet doen, is om te aanvaar wat Hy gedoen het, wat alreeds gedoen is.

12 En nou, 'n prediker, enige prediker, het net soveel reg om vir die siekes te bid, of die lekedom, net soveel as enigiemand anders, want Hy het gesê: "Bely julle foute aan mekaar, en bid vir mekaar, dat julle mag. . .genees kan word. Want die effektiewe vurige gebed van 'n regverdige het groot krag." Ek glo wel dat daar krag in gebed is. Ek het 'n paar baie direkte antwoorde op gebed gesien, maar het nog nooit enigiemand in my lewe genees

nie, maar ek het God baie daarvan sien doen. So ek—ek glo dat dit die individu se geloof is in ’n werk wat alreeds voltooi is.

13 Nou, julle sê. . .Ek sou hier vanaand sê: “Hoeveel Christene?” *So-veel* hande sou opgaan. “Hoeveel is verlede jaar gered?” *So-veel* hande sou opgaan. “Hoeveel is gered, miskien, ’n week gelede?” Miskien sou daar twee of drie hande opgaan. Ek verskil, julle—julle is nie ’n jaar gelede gered nie, julle is ook nie twee of drie dae gelede gered nie, julle is negentienhonderd jaar gelede op Gólgota gered, maar julle het dit verlede jaar aanvaar, of julle het dit verlede week aanvaar, sien, of twee dae gelede. En dieselfde ding: “deur Sy wonde *het* daar vir julle genesing gekom,” sien: “*is* julle,” verlede tyd: “genees.” Nou, jy kan dit vanaand aanvaar, of jy kan dit môre-aand aanvaar, of wanneer jy dit ook al aanvaar, wel, dis joune, so dit hang van jou af wanneer jy dit op daardie basis wil aanvaar.

14 En Hy is nou ’n Hoëpriester, Hebreërs 3, wat sit aan die regterhand van God Almagtig in die Hemel, wat voorspraak maak volgens ons belydenis. Nou, die woord wat daar gebruik word in—in die Boek van Hebreërs, in die Koning James Weergawe, word *bely* gebruik, maar *bely* en *getuig* is dieselfde ding. Jy bely iets of getuig dit, jy bely dat jy glo dat Hy het. . . Ter wille van julle oortredinge is Hy deurboor, deur Sy wonde het daar vir julle genesing gekom. So Hy is ’n Hoëpriester om voorspraak te maak volgens ons getuienis, en Hy kan niks vir ons doen, totdat ons dit eers aanvaar en dit getuig nie.

15 Nou, ons kan onder by die altaar kniel en bid totdat ons, totdat ons op ons gesigte gelê en gesterf het, totdat ons glo, en Sy vergewingsgenade aanvaar, is ons steeds verlore. Maak nie saak hoe hard ons kan skree, of hoe lank ons kon bly, of hoe lank ons sonder kos kan bly nie, totdat daar in ons hart, deur God, vir ons die openbaring gegee word dat Jesus Christus gesterf het om ons te red, en ons dit aanvaar as ons eie persoonlike eiendom, dis iets wat Christus vir my gedoen het, vir jou gedoen het, en vir, wie ook al, dit sal glo, dan word jy gered omdat jy dit geglo het, en jy word op dieselfde manier genees.

Baiekeer, sê mense: “Ek—ek hou daarvan om te voel of ek genees is.”

16 Jesus het nooit gesê: “Het julle dit gevoel?” nie. Hy het gesê: “Het julle dit geglo?” Dis reg. “Glo julle dit?” Gevoel het niks daarmee te doen nie, dis jou geloof. As ek gemaak het soos ek gevoel het, sou ek baiekeer in ’n slegte toestand gewees het. Is dit reg, broers? Ek reken ons sal almal. Maar dis nie hoe ek voel nie, dis wat ek glo Hy gedoen het. Nie my gevoelens nie, dis my geloof, waarin? ’n Voltooide werk op Gólgota.

17 Nou, hierin is daar miskien baie. . .Hierdie is my eerste keer om in julle stad te wees, ek glo dis my eerste keer in Virginia, om

ooit 'n diens in Virginia te hê; sewe keer om die wêreld, en was nog nooit in Virginia nie. Is dit nie verskriklik nie? Wel, hulle sê altyd: "Jy hou die beste, vir laaste." Is dit wat dit is, broers? "Die beste kom laaste." So, ons hoop dat dit net presies reg is.

18 As al die mense, soos hulle is wat ons ontmoet het vandat ons hier is! Ons het beslis 'n paar baie goeie mense ontmoet. En miskien het ek die mense van net die—net die burgers ontmoet, miskien nie eens Christene nie. En dan wat sal die Christene wees, as die burgers so is, nie Christene nie? Wonderlik wees. So nou, 'n diens kan net wees wat die mense dit ook al sal maak.

19 Nou, God is gewillig as ons gewillig is, maar ons het ons rol om te speel, elke individu het ons rol om te speel, ek kan net so min 'n herlewing daarvan maak, of 'n diens as niks nie. En nie een individu, of nie net twee of drie van julle nie, dit sal ons almal saam kos, wat saamwerk, deur die Here Jesus Christus, om iets hier in hierdie stad te sien bereik word, terwyl ons vergader is om die Koninkryk van God se ontwil. En, broer, suster, ons lewe naby die einde, ons weet dit almal. Daar's—daar's geen . . . met . . .

20 As julle saam met my gereis het in die laaste jaar, of so, sou julle—sou julle geweet het dis waar, julle sien, dat ons—ons in 'n wankelrige toestand is, en die eindtyd naby is. En hierdie dinge, soos ons aangaan deur die week, sal ons hulle aanbied, wat gebeur het, en wat net op die punt is om te gebeur, en soos julle sien in julle koerante, uitsendings, en wat nog, dan sal julle luister uit die Skrif, en wat die Heilige Gees te sê het.

21 Nou, ek veronderstel, ek glo ons sluit gewoonlik om eenuur, is dit nie, of so-iets? Een of twee-uur in die oggend? Dit gee ons omtrent tyd om, dat die Volle Evangelie mense na hulle diens toe kan gaan. Partymaal, daardie—daardie, sien, nou, moenie weggaan nie, ek het geterg, ek het net daaroor geterg. Gewoonlik, verdaag ons omtrent nege, of nege-dertig, en dan, met die gebedsry. So, ek dink dat met die geho- . . . die opsigters, reken ek, sal vir ons sê hoeveel, of hoe lank ons die ouditorium kan oophou, of wat nog.

22 Nou, jy moet op die telefoon kom, julle moet begin om die mense te skakel, en—en laat ons . . . Sê julle nou, ek gaan julle vertel hoe ons, glo ek, hoe ons die diens bestuur, of, saam met die broers. En—en onthou, enige tyd wat julle voel dat julle wil hê dat daar vir iemand gebid word, enige van hierdie broers hier, hulle glo dieselfde Evangelie wat ek hier preek, julle sien, en julle pastoor het net soveel reg om vir julle te bid as enigiemand anders. Hier kom ons net bymekaar, ek glo dis geskryf in die Skrif, die Here het gesê: "As die mense oor wie My Naam uitgeroep is, hulleself sal vergader, bid, dan sal Ek uit die Hemel hoor, hulle land genees."

23 So ons glo dat gebed die magtigste wapen is wat ooit in die hande van 'n mens geplaas is. Julle weet, gebed het eenkeer

God van gedagte laat verander. Het julle dit geweet? Dit het beslis. Nou, Hiskía is vertel deur Jesaja die profeet, dat hy sou sterf op daardie bed, en Hiskía het sy gesig na die muur gedraai en bitterlik geween, en die Here gevra vir—vir nog vyftien lewensjare.

24 En God het die profeet reguit teruggestuur, gesê: "Ek het hom gehoor." En hy is gespaar vir die tyd, sien, toe God alreeds sy dood aangekondig het. Maar Hy het hom gespaar, omdat hy gebid het. So as gebed *so* kragtig is, wat kan dit doen? Goeiste, ons besef nie hoe groot dit is nie.

25 Nou, regdeur die diens, soos ons elke aand probeer om 'n fondasie te lê, dan wanneer iemand inkom, miskien 'n bietjie later, miskien môre-aand, dan miskien die volgende aand, sommige nuwelinge inkom, mag hulle iets sien gebeur wat hulle sou sê: "Wel, ek verstaan net nie," dan as hulle dit nie doen nie, dan neem jy die Skrifte en wys hulle Daarmee.

26 Nou, as julle ooit enige aksie hier by die platvorm sien, of enigiets wat ek hier op die platvorm sê wat nie absoluut die Skrif is nie, dan het julle 'n verpligting teenoor my, as 'n Christen, om my aandag daarop te vestig. Want ek glo wel dat God dinge doen wat nie in die Woord geskryf is nie, ek glo Hy kan. Hy kan enigiets doen wat Hy wou doen, Hy's God. Maar net solank Hy doen wat Hy belowe het om te doen, sal dit genoeg wees vir my, hou net—net Sy belofte, ek—ek hou daarvan. En ek glo wel dat die Woord van God die Fondasie is, ek glo Dit is die Woord van God. En dis my standpunt, my lewe, en my hele geloof is gebaseer op die Woord.

27 En hier is hoe ek nou wil hê julle moet dit glo: Dat God oneindig is—is, Hy's alomteenwoordig, alwetend, en Hy's Almagtige God, Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, Hy kan nie verander en God wees nie. En wat God ook al een keer doen, Sy besluit neem, daardie besluit moet vir ewig bly, dit kan nooit verander word nie. God, as God hierdie jaar 'n besluit neem, en volgende jaar verander Hy dit, wys dit dat Hy nie God is nie, want Hy is oneindig, en ons is eindig.

28 Nou, ons kan 'n besluit neem, ek kan een maak vanaand, binne tien minute moet dit verander, want ek's—ek's baie, soveel keer verkeerd, jy is, ook, maar nie God nie. So as Hy ooit 'n besluit neem, dan moet dit vir ewig Sy besluit wees.

29 Soos hierdie: As 'n man ooit na God toe gekom het en geweet het hy was verlore en wou gered word, en God het hom gevra, en dit op die basis geplaas het van as *hy dit sou glo*, en Hy het daardie man gered, die volgende man wat kom wat verlossing wou hê, moet Hy dieselfde doen vir *hierdie* man wat Hy toe gedoen het. Hy moet dieselfde *hier* optree as wat Hy *daar* gedoen het, of Hy het verkeerd opgetree in die eerste plek. Sien? Hy moet God bly. Sy. . . En as *Hierdie* nie Sy Woord is nie, dan is Hy nie

God nie, sien, want, *Hierdie* is wat Hy gesê het, en as Hy nie Sy Woord hou nie, dan kan Hy nie Sy Woord hê nie.

30 Geen mens is meer werd as wat sy woord is nie. As my—as my handdruk, en my belofte aan my broers nie genoeg is nie, dat ek 'n klomp papiere moet teken, en 'n klomp van *dit*, *dat*, is dit—dit wantroue. Ek—ek net, jy moet my aanvaar vir wat ek vir jou sê, en ek moet jou aanvaar vir wat jy vir my sê. En as—en as ons nie mekaar kan vertrou nie, dan, as my woord niks werd is nie, dan is ek niks werd nie.

31 En as God se Woord niks werd is nie, dan is Hy niks werd nie, is Hy niks beter as Sy Woord nie. En ek sal dit sê, dat God elke Woord hou wat Hy gesê het en elke belofte wat Hy gesê het. En as jy die regte verstandelike gesindheid sal hê oor enige Goddelike belofte wat God ooit gemaak het, sal Hy dit vervul. As jy net die regte gesindheid kan hê, en—en dit glo met jou hele hart. Sien?

32 Die individu, dit is nie dat jy iemand moet hê om hande op jou te lê met 'n sekere sensasie nie. O, goeiste, daar is soveel sensasies vandag, dit kan nie reg wees nie. Maar God se Woord is steeds reg. Sien? Dis reg. Die sensasies wat ek het, weet niks van hulle af nie, maar ek weet dat die Woord van God reg is. So, daarom wanneer God enigiets sê, moet dit altyd so bly, en dis hoe ek dit glo. Ek het hulle bestudeer, en geskiedenis, en wat Hy gesê het, en, sou plaasvind en deur die tydperke, en die Kerktydperke, ensovoorts, en dit net sien inpas, tot ek tevrede is dat Hy God is, en elke Woord waar is, en Hy hou Sy Woord met Sy mense.

33 Nou, wat ons in die aand maak, omtrent 'n uur voor die dienste begin, sodat dit nie sal inmeng met die voorbereidings nie, stuur ons die kêrels af en gee 'n individu gebedskaartjies. En elke aand doen ons dit, want eerstens, hier is hoe ons dit gedoen het: Toe ons eers begin het. . . Wel, nou, natuurlik as dit net soos hierdie hier is, wel, ons sou nie eers 'n gebedskaartjie hoef te gee met 'n groepie soos hierdie nie, julle sien. Maar wanneer ons groot groepe het. . . wat ons verwag om te vul en die plek vanaand vol te maak, of so.

34 Nou, ons het net Vandalia verlaat, Visalia, was dit, Illin- . . ., of, Kalifornië, en die eerste aand die groot wapenkamer daar, het hulle honderde en honderde weggewys, en die tweede aand het dit meer en meer verdubbel. Ons het na 'n skougronde gegaan, en daar's genoeg mense daar, drie-uur moes hulle die hekke toemaak, voor jy selfs in die plekke inkom, julle sien.

35 Net, wanneer die diens begin, en mense begin om, die hongerhartiges begin sien dat. . . Wel, dis—dis die Heilige Gees wat onder die mense beweeg. Sien? Dit is nie een of ander prediker met een of ander hoë, super-duper geloof nie, ek glo nie in daardie goed nie. Ek glo dat geloof kom deur na die Woord van God te luister, en die individu behoort sy lewe reg te maak en reg te kom met God, as hy verwag om genees te word. Daardie. . .

Ek—ek glo dat genesing blywend is, dis sodat die individu reg moet maak met God.

36 Al hierdie hande lê op die sondaars, en hulle vertel: "Dis alles reg, vergeet net daarvan, God sal jou in elk geval genees," nou, ek glo nie daarin nie, ek glo 'n man behoort skoon te maak, en reg te kom met God, en reg te maak, en te kom, en te lewe vir God, en te doen wat reg is, en dis blywende genesing. Hierdie een-en-dertig jaar het ek opgelet dis waar, dat die man of vrou wat gereed is om reg te maak met God, God reg sal maak met hulle. Sien? Jy moet regmaak met God.

37 So dan die rede waarom ons dit doen, toe ons eers begin het, het ons altyd vir die pastore gestuur, elke pastoor wat saamgewerk het, 'n honderd kaartjies, wel, vir sy gemeente en vir diegene wat hy sou uitnooi van die siek mense, ensovoorts. Wel toe, omtrent die eerste pastoor, baie van hulle was al voorheen in die dienste, natuurlik, reken ek, wel, omtrent die eerste pastoor wat sy groep daar opgekry het, was dit die einde daarvan, so ons kon dit nie so doen nie.

38 So toe het ons gedink, wel, ons sou net gebedskaartjies uitgee die eerste dag wat ons daar was, en vir almal gebedskaartjies uitdeel. En toe, natuurlik, het dit dit afgehandel, het enigiemand gekom, anders as die eerste dag, wel, toe het hulle nie 'n kans gekry, om in die gebedsry te kom nie, want ons het genoeg daar gehad om lank te hou.

39 So toe het ons elke dag gebedskaartjies gaan uitdeel. En toe, wanneer ons sou kry, miskien, tot vyftien of twintig, wat ons ook al in daardie aand gekry het, wel dan, net op die platvorm van wat ons daar kon kry, toe het ons uitgevind die mense, as hulle nie een of ander nommer, of 'n kaartjie tot by vyftien of twintig sou kry nie, sou hulle dit net op die vloer gooi, hulle wou dit nie hê nie, hulle sou nie geroep word nie.

40 So toe het ek gedink, wel, ek sal 'n klein kindjie hier aan die voorkant kry om hom hiernatoe te laat kom en tel, een of ander seuntjie, soos hierdie seuntjie wat hier na my kyk met 'n rooi das aan, die sportbaadjie, en ek, omtrent die grootte van my klein Joseph *daar* oorkant, en ek—ek sou een van daardie kêreltjies laat opkom, en ek sou sê: "Kan jy tel, Seuntjie, of Suster?"

"Ja."

41 "Tel." En hy sou begin tel, of sy, en waar hulle ook al gestop het, sou ek net daar begin. Glo dit of nie, mamma het net presies geweet waar om vir Junior te sê om te stop vir haar kaartjie, so ons het nog steeds mense, julle weet, ons het met hulle te make.

42 En so toe—toe het ek een prediker gekry wat ek laat kaartjies uitdeel het, en toe, in sy organisasie, as hy nie net 'n bietjie guns bewys het nie, het dit 'n gevoel by die broers laat ontstaan.

43 Toe het ek my broer gekry om gebedskaartjies uit te gee, of, voor dit het ek 'n ander man gekry, net 'n buitestaander gekry, en ek het hom gevang gebedskaartjies verkoop, so toe moes ek daarvan ontslae raak.

44 So ek het my broer saam met my geneem, en hy . . . En so, nou het ek my seun saam met my, en dan twee kêrels, een van hulle is een van my medewerkers, Broer Gene Goad, ek reken hy is voorgestel, en Broer Leo Mercier, hy's hier iewers, en my seun, Billy Paul, hulle is hier iewers, een van hulle sal gebedskaartjies uitgee. Gewoonlik doen Billy dit self, want Leo en Gene, Gene staan by die opnemers, en—en Broer Leo, dink ek, is by die boeke.

45 Nou, dan gee ons daardie uit, en nou hier is hoe ons dit doen, sodat elkeen sal weet, ons kom hiernatoe en kry die kaartjies, en kom af voor die mense, en skommel hulle almal deurmekaar, reg hierbo op die platvorm, sodat julle sien die kaartjies is geskommel. Daarom die, wie hulle ook al uitgee, hy weet nie wie hy gee- . . . wie kry watter nommer nie. Een van julle gaan rond, en sê: "Ek het nommer een, dit beteken *dit*. Ja, meneer." Volgende een, sê: "Ek's nommer twee, hier oorkant." Wel, natuurlik, *hierdie* mag een kry, langs hulle, mag vyf-en-veertig kry, twee-en-sestig, ensovoorts, jy weet nie waar dit sal wees nie.

46 Wel, dan, sien, jy sê: "Wel, ek . . . Wel, as ek nie nommer een tot vyftien gekry het nie, kan ek net sowel huis toe gaan." Nee, nee dis nie dit nie. Sien? Niemand weet dan wanneer ek afkom, van waar af die Heilige Gees my ook al lei om te begin nie, miskien van een tot twintig, of van twintig tot sestig, of van negentig terug na dertig, of iewers soos daardie.

47 So daarom, is dit net, ons voel net, op daardie manier, dis hoe die Heilige Gees 'n manier het om dit te werk, julle sien, om hulle in te bring. Ek dink dis net presies, dink julle broers nie dis reg nie? Ek het dit nou gedoen vir daardie laaste, o, vier of vyf jaar, of ses, so-iets. En so, naderhand, wanneer jy egter jou gebedskaartjie kry, hou dit, want as jy nie geroep word op die eerste aand nie, sal ons uiteindelik daarby uitkom aan die einde.

48 Nou, en dan daardie gebedskaartjies roep ons *soveel* op elke aand. As ek . . . die Here my lei om so te maak . . . Ons het net die grootste sukses gehad wat ek ooit in Amerika gehad het deur dit op hierdie manier te doen, die laaste tyd.

49 En nou, hoe laat begin julle hoofdiens, omtrent sewe-dertig? Sewe-dertig. Beter hier wees tussen ses-dertig en sewe-uur dan, skat ek, of iets soos, of, ses-dertig tot sewe-dertig. Moet dit nie later maak as . . . Kom liewer so vroeg as wat jy kan, want sodra *soveel* kaartjies uitgegee word, wel is dit—dit net dit. Kry jy dan die, kry jou geliefdes, jou siek vriende en bring hulle, kry hulle op die telefoon, môre, kom net en kry

die gebedskaartjie môre—môre-aand, tussen ses-dertig en sewe-dertig by die hoofouditorium.

Julle het nêrens middagdienste nie, veronderstel ek, broers? Goed.

50 Partymaal gee hulle hulle soos daardie in die middagdiens, hulle nie daarmee hoef nie te lol in die aand nie, maar as ons . . . in een of ander kerk, of iewers, maar as hulle dit op hierdie manier doen, sal dit in orde wees. Kom net môremiddag, tussen ses-dertig en sewe-dertig.

51 En dan, verwag ons om dienste te hê elke aand. Ek sal elke aand praat, as die Here wil. Die bestuurder, niemand, behalwe ek en die kêrels is hierbo nie. En so, ons is . . . En ons sal probeer, dan, elke aand om vir die siekes te bid, sondaars na die altaar toe te roep, saam met ons broers te werk, doen alles wat ons moontlik kan, om hierdie 'n begin van 'n herlewing te maak, 'n outydse herlewing wat deur Virginia sal skud, soos dit nog nooit tevore gedoen is nie, om die Koninkryk van God se ontwil. Elke kerk moet gevul en vol gemaak word, en God se diensknegte wat die Evangelie preek soos nog nooit tevore nie, en sondaars wat na Gólgota kom, en siek mense wat genees word in elke kerk, en die heerlikheid van God wat oral heen gaan, dis ons harte se begeerte.

Nou, ek is bly ek het hierdie horlosie *hier* oorkant, en ek hoop dis net omtrent, dit reg *is*, so net, volgens my horlosie.

So nou, ek wil net 'n Skrif lees, en 'n praatjie vir julle gee, vanaand.

52 En onthou nou, ons is hierbo vir niks anders . . . Ons is nie hier om enige denominasie te verteenwoordig nie, want ek—ek behoort nie aan enige denominasie kerk nie. Ek is georden as 'n Sending Baptiste prediker, en ek was die pastoor van die tabernakel in Jeffersonville vir sewentien jaar lank, en toe het ek op die sendingveld gegaan omtrent vyftien jaar gelede, en ek is van toe af op die veld.

53 En toe ek uitgekom het om vir die siekes te bid, het ek net die kerk verlaat, of die organisasie verlaat, want hierbuite kry ek—ek alles, alles tesaam. En dan voel ek—ek dat dit is hoe die Here Sy kinders het, oral. Elke man wat wedergebore is deur die Gees van God, is my broer, en elke vrou is my suster, wat gebore is uit die Gees van God.

54 So ek verteenwoordig nie enige sekere organisasie nie. As ek hier in die stad was, vir die bekeerlinge, sou ek aansluit by een van hierdie goeie kerke hier wat dieselfde ding glo wat ek glo, so dis hoe ek—ek dit self sou doen; jy het jou eie keuse om te doen wat jy ook al wil.

55 En dan is ons nie hier vir geld nie, ek wil hê julle moet dit weet, ons is nie hier vir geld nie, nee, meneer. Ek is een-

en-vyftig jaar oud, ek was ’n prediker vir een-en-dertig jaar, en ek het sewentien jaar gepreek by die, ’n Baptiste tabernakel by Jeffersonville, Indiana, nooit ’n offerhande in my hele lewe opgeneem nie. Ek het sewentien jaar gepreek sonder een pennie van enigiets, enige van die trustees kon julle dit vertel, nooit ’n pennie geneem nie, ek het gewerk vir my lewe.

56 Ek sou dit nie eers nou doen, as ek kon bekostig om hierdie dienste af te betaal nie. Die enigste ding wat ek doen, is om hiernatoe te kom en die diens te hou, en die enigste ding wat julle moet doen, is om die koste van die gebou te betaal, en watter uitgawes ook al verbonde is aan die diens, is al waaroor ek besorg is. Betaal net die ding af en dit—dit handel dit af, skuld my niks nie.

57 Ons het boeke, maar daardie boeke, ek koop daardie boeke teen veertig persent minder, nie—nie omdat dit ’n geldmaak-ding is nie omdat ek daarop sou verloor, maar die Boodskap uit te kry vir die mense. Die bandopnames is van die Oudio Sending, ’n ander groep wat nie saam met ons is nie. Dis, wel, hulle maak die bandopnames vir die tabernakel, wat hulle in een of ander soort samewerking daar maak waarmee hulle die bandopnames maak, maar vir myself, nee.

58 Partymaal aan die einde van die diens, as al die skuld afbetaal is, gee hulle my ’n liefdesoffer. As hulle nie die skuld afbetaal het nie, gee hulle my niks. En as hulle my wel ’n liefdesoffer gee, gee ek dit terug in—om—om die skuld te betaal. Ons wil hierdie stad verlaat sonder dat een pennie geskuld word, as ons van die huis af moet aanvra, die geld iewers moet kry, sal ons dit doen, sien, maar ons los nie enige skuld nie, het nog nooit nie.

59 Wil ons naam skoon hou, en reg, en bo verdenking, want ons ontmoet die siek mense, ons ontmoet Satan op sy terrein, en ons—ons wil ons hande skoon hê, dat wanneer ons kom om vir die siekes te bid, dat ons eerlik sal wees, en regverdig, en niks bedenklik nie. Ons staan reg voor God as Sy diensknegte, en ons wil net regverdig bly, en skoon, en opreg met almal. En ek wil hê julle moet dan weet dat daar geen trek vir geld en daar niks daarvan is nie, ons—ons is nie hier daarvoor nie. En ons het julle net lief, en kom om met julle gemeenskap te hou.

En soos Broer Bosworth eendag vir my gesê het, hy het gesê: “Broer Branham, weet jy wat *gemeenskap* is?”

Ek het gesê: “Ek dink so, Dokter.” Ek het gesê: “Ek dink ek. . . ”

“Wel,” gesê: “hier is wat dit is: Dis twee *kêrels* [Eng. “fellows”—Vert.] in een *boot*.” [Eng. “ship”—Vert.]

60 En ek het gesê: “Dis net omtrent. . .?. . .twee kêrels in een boot.” So ons wil hê dat, as ons in julle boot kan inkom, en julle in ons boot kan inkom, kan ons gemeenskap hou met mekaar,

terwyl ons hier oor hierdie stad trek om elke verlore siel wat ons kan, in die Koninkryk van God in te trek.

Laat ons nou ons hoofde buig, voor ons met die Outeur praat, voor ons Sy Woord lees.

61 Ons Hemelse Vader, ons is dankbaar teenoor U, vanaand, vir hierdie voorreg om ons eerste keer in hierdie groot staat Virginia te staan, hoedat ons voorvaders, baie jare gelede, hier geland het, hierdie groot staat baie beteken het vir ons Unie. Here, ek bid dat, op een of ander manier, dat in hierdie groot staat nou, dat U 'n herlewing sal laat uitbreek wat sal, dit oor die wêreld bekend sal word.

62 Mag daar 'n uitstorting van God af kom, 'n vurige Gees van die Heilige Gees wat dié wat verlore is, sal red, en die siekes sal genees, die blindes laat sien, die kreupeles laat loop, die dowes laat hoor, die stommes laat praat, sondaars gered sal word in die Koninkryk van God, elke kerk net verlig met U Teenwoordigheid, totdat hulle regoor die wêreld sal hoor van hierdie groot diens. Nou, ons kan daarvoor vra, Here, en dit glo, help ons nou om te werk tot daardie doel. Want dit sou so onnodig wees om U enigiets te vra en nie—nie daarvoor te werk, te glo dat U—dat U dit sal doen nie. Ons sal wag met verwagting dat U dit vir ons sal skenk.

63 En wanneer die dienste gesluit is teen volgende Sondagmiddag, mag daar 'n hoop rolstoele hier in die hoek lê, beddens, draagbare, mag daar sondaars wees wat gewas is in die Bloed van die Lam met hulle hande in die lug, wat God prys. Mag die geestelikes, U kosbare skaapwagters, wat U skape voed, mag hulle harte so aan die brand wees, soos asof daar 'n nuwe bediening aan hulle gegee is. Skenk dit, Here. Seën elke kerk en elke prediker dwarsdeur die land, elke gelowige, en red die sondaar.

64 Soos ons U Woord nou nader, net vir 'n klein fondasietjie om die diens mee te begin, vanaand, bid ons dat U Dit sal seën. Ons weet dat ons woorde sal faal, maar U Woorde kan nie faal nie, so, soos ons U Woord lees, bid ons dat U Dit vir ons sal interpreteer deur die Heilige Gees. Want ons vra dit, in Jesus' Naam, om Sy ontwil. Amen.

65 Nou, moet nou nie vergeet nie, gebruik die telefoon, iewers, kry die siek mense uit, hulle wat regtig behoeftig is, en die gebedskaartjies sal gegee word. Nou, jy—jy moet 'n gebedskaartjie kry, dit sal 'n nommer daarop hê, 'n letter en 'n nommer.

66 Elke aand sal daardie gebedskaartjies uitgegee word, en, van ses-dertig tot sewe-dertig, en dan, sal hulle geroep word met daardie nommers. Dis om te keer dat die mense vorentoe storm, en dit is nie 'n arena nie, julle weet, dis 'n—dis 'n kerk, en moet ordelik gedoen word, en soos Paulus gesê het: "Ordentlik

en ordelik." En so, wil ons hê hulle moet net kom soos hulle nommers genoem word, en bedien word by die platvorm.

67 Nou, hierdie gebedskaartjies is nie uitruilbaar nie, jy moet jou eie kaartjie hou. Jy kan dit nie neem, dit vir 'n buurman gee, die buurman inbring nie, die buurman moet kom en na die instruksie luister om die kaartjie te kry. As . . . Want baiekeer so, as jy mense in die gebedsry inbring wat niks van God af weet nie, en daar het jy dit weer, julle sien. En—en so laat hulle kom en na die instruksies luister, en hulle eie geloof laat opbou tot 'n punt om hulle genesing te ontvang soos ons vir die siekes bid. Dit sal môremiddag wees, nou, tussen ses-dertig en sewe-dertig.

68 Ek wil graag lees uit Lukas die 2de hoofstuk, 25ste en die 26ste verse:

> *En daar was 'n man in Jerusalem met die naam van Símeon; . . . dieselfde . . . regverdig en vroom was, in afwagting van die vertroosting van Israel, en die Heilige Gees was op hom.*
>
> *En dit is aan hom geopenbaar deur die Heilige Gees, dat hy die dood nie* sou *sien voordat hy die Christus van die Here gesien het nie.*

69 Ek wil graag gebruik vir konteks, of, vir 'n teks daar om 'n konteks op te bou, *Verwagtinge*. Nou, sulke byeenkomste skep verwagtinge. En—en wanneer jy iets ongewoons sien aangaan . . . Ons het gewoonlik drie klasse mense wat daardie dienste bywoon, soos dit was in die dae van ons Here, en op alle tye, is daar die ongelowige, die skyngelowige, en die gelowige. Dit trek net daardie aandag, dit het nog altyd.

70 Maar *verwagting*, dis 'n groot ding, om iets te verwag, jy kry gewoonlik wat jy verwag. Party mense kom na die diens toe en sê: "Wel, ek het nie—het nie verwag om enigiets daaruit te kry nie." Wel, hulle sal nie, maar hulle wat verwag om iets te kry, God sal hulle hulle verwagtinge gee, as hulle dit eerbiediglik en in die vrees van God doen.

71 Nou, altyd, om iets uit te vind, is eers om uit te vind of dit die wil van God is of nie. En dan, as dit die wil van God is, dan jou doelwit daarmee, en dan jou motief om dit te doen, as dit die wil van God is, en jou doelwit reg is, en jou motief reg is, moet dit gebeur, daar's net geen manier om te keer dat dit gebeur nie.

72 So, vind eers die wil, as dit God se wil is, en dan, wat is jou doelwit om dit te doen? Wat's . . . ? As dit selfsugtig is, sal jy—sal jy nooit—sal jy—sal jy dit nooit gedoen kry nie, dis al. Dit moet baie helder en duidelik wees voor God, of dit sal net nie gebeur nie, dis al. Dis, jy moet dit altyd in jou gedagte hou, dat dit helder en duidelik moet wees, jou motiewe moet helder en duidelik wees voor God, of God kan nie met jou werk nie.

73 Nou, mense van alle tye het altyd, wat God gehoor het . . . En waar God ook al is, is bonatuurlik, want Hy is ’n bonatuurlike God wat bonatuurlike dinge doen. Glo julle dit?

74 Nou, in die Ou Testament het hulle ’n manier gehad om uit te vind of ’n boodskap reg was of nie. Nou, onder die Levitiese priesterskap het hulle gehad wat hulle die *Urim en Tummim* genoem het, en dit was die borsplaat wat Aäron hier gehad het, hy het die twaalf stamstene in die borsplaat gehad. En hulle het dit op die hoek gehang, of, die paal in die tempel, en dan het dit, wanneer die profeet geprofeteer het, of die dromer sy droom vertel het, en wanneer hy dit vertel het, as daardie Ligte ’n konglomerasie van Ligte word, soos ’n reënboog wat weerkaats van daardie Urim en Tummim af, gewys dat die bonatuurlike daar was, dan het daardie profeet die waarheid gepraat, of was daardie dromer se droom reg.

75 Maar, maak nie saak hoe eg dit geklink het nie, hou dit nou in gedagte, maak nie saak hoe eg dit geklink het nie, as daardie Urim en Tummim nie die bonatuurlike Lig gemaak het nie, kon hulle dit nie ontvang nie, want dit was nie God nie. So wanneer jy enigiemand die Evangelie sien verkondig dat God nie afkom en dit bevestig as reg nie, los jy dit uit, want dis nie reg nie.

76 God bly steeds God, Hy lewe vandag, Hy’s net so lewendig as wat Hy ooit was, Hy—Hy’s God. Nou, nou, toe daar met daardie priesterskap weggedoen is, toe het ons die nuwe priesterskap gekry, en nou, het daar ’n nuwe—nuwe—nuwe Urim en Tummim, wat ook, met hierdie priesterskap, en dit is God se Woord; God se Woord is God se Urim en Tummim. Dan as God enigiets in die Bybel belowe, en jy kan dit aanvaar met jou hele hart en glo dat dit so is, sal jy die bonatuurlike van God se Woord sien plaasvind en die ding manifesteer waarvoor jy geglo het, maak nie saak wat dit is nie, as jy dit glo.

77 Die Woord van God is ’n Saad, Dis gesaai in die menslike hart, en as daar niks daar is om—om Dit te hinder nie, net soos, wanneer God ’n besluit neem, is dit Sy ultimatum, en as jy ’n ultimatum het, en God s’n is net dieselfde, wanneer daardie twee bymekaar kom, moet iets gebeur, kan dit net nie keer dat dit gebeur nie. Sien? Wanneer jou ultimatum dieselfde is as God s’n, dan moet iets plaasvind.

78 God ’n stelling maak, moet dit dít wees, dan wanneer jy jou standpunt inneem dat dit waar is, moet iets plaasvind, dis net, dit moet. En mense in alle eeue, wanneer hulle die Stem van God met hulle hoor praat het, het hulle—hulle het die bonatuurlike gesien, en hulle het verwag en hulle lewe gelewe in die verwagting dat dit sou gebeur en dit het nooit gefaal nie.

79 Abraham het verwag dat daardie babatjie sou kom, selfs tot vyf-en-twintig jaar nadat dit aan hom belowe is, het hy dit steeds verwag, net dieselfde toe hy ’n honderd jaar oud was, as

wat hy het toe die belofte gemaak is op vyf-en-sewentig. En die Bybel het gesê dat hy nooit swak geword het nie, maar hy het die heeltyd sterker geword, geglo dat God dit sou doen.

80 Kan julle julle nou ’n ou man voorstel, vyf-en-sewentig jaar oud, en ’n—’n vrou van vyf-en-sestig, sy was onvrugbaar en hy was steriel, en hier het hulle nou uitgegaan, sou afgaan na ’n dokter by die hospitaal om reëlings te tref vir ’n bed, dat hulle ’n baba gaan kry? Ja, ’n vyf-en-sestig-jarige vrou en ’n vyf-en-sewentig jaar oue man. Wat sou die dokter sê? “Die arme ou paartjie is ’n bietjie van hulle kop af.”

81 Wel nou, enigiemand wat regtig God se Woord letterlik opneem, word beskou as ’n bietjie van die kop af, want die, Dis so bonatuurlik, die natuurlike wêreld weet niks Daarvan af nie, hulle is. . .Dis dwaasheid vir die vleeslike verstand, so julle sal Dit nooit verstaan nie.

82 Maar Abraham het dit geglo, hy het gesê: “Dis waar,” en hy het geglo dit was. Nou kan ek hom hoor soos hy vir Sara sou sê: “Nou ons gaan hierdie baba kry, Skat. Dis afgehandel, want God het so gesê.”

83 Sy het die voël-oog materiaal gekoop, en die spelde, en alles gereed gekry, die babakousies gemaak, en was heeltemal gereed. En na die eerste *soveel* dae, agt-en-twintig dae: “Hoe voel jy, Skat?”

“Geen verskil nie, Skat.”

“Prys God, ons gaan dit in elk geval kry.”

84 Eerste maand het verbygegaan, geen verskil nie, tweede maand, eerste jaar, tweede jaar: “Hoe voel jy, Skat?”

“Geen verskil nie.”

“Prys God God, dit gaan ’n groter wonderwerk wees as wat dit twee jaar gelede was, dis nou twee jaar ouer.”

85 En toe vyf-en-twintig jaar verbygegaan het, het hy steeds dieselfde gesindheid gehad, net dieselfde, omdat God so gesê het.

“Hoe weet jy?”

86 “God het so gesê, dit handel dit af. As God so gesê het, dat, is daar niks meer om daaroor te sê nie, sien, Hy het so gesê.” En op ’n honderd jaar oud het hy God steeds geglo, dat God dit sou doen.

87 Die Bybel het gesê in Hebreërs 4 dat Abraham nie getwyfel het aan die belofte van God deur ongeloof nie, maar sterk was, God geprys het. En ons is veronderstel om Abraham se Saad te wees: “Want ons wat dood is in Christus, is Abraham se Saad.” Is dit reg? Die Heilige Gees maak ons Abraham se Saad. Abraham was nie ’n Jood nie, Abraham was ’n Heiden, maar dit was nie Jood of Heiden nie, dit was sy geloof in God se Woord wat hom ’n erfgenaam van die belofte ge—gemaak het. En ons wat dood is

in Christus, is Abraham se Saad, en is erfgename saam met Hom, volgens die belofte.

88 Ek sê julle dis waar ons is, maar partymaal tree ons nie so op nie. Partymaal gaan ons en sê: "Wel, ek sal gaan en voor gebid word, en ek sal sien wat gebeur. Wel, ek voel glad nie enige verskil nie." Abraham se Saad? O, goeiste! Dis 'n swak verskoning vir, selfs vir 'n kerklidmaat, wat nog te sê om Abraham se Saad te wees. Abraham se Saad kyk na geen omstandighede nie, Dit kyk na die Woord van God, dis al.

89 Hier 'n tyd gelede is ek na 'n bed geroep, omtrent tien jaar gelede, na 'n, wel, dit was nou omtrent twaalf jaar gelede, na 'n sterwende seun, wat sterwend was aan swart witseerkeel. En die dokter wou my nie laat ingaan nie, hy het gesê: "Ek kan jou nie laat ingaan nie, jy's 'n getroude man."

90 En die dokter was Katoliek, self, en ek het gesê: "Nou, as die priester gekom het, en hierdie seun was sterwend hierbinne, en jy het geweet en gesê hy gaan vanaand sterf, en jy . . . sou jy daardie priester laat ingaan?"

Gesê: "Sekerlik."

"Hom die laaste begrafnisplegtighede bedien?"

"Ja, meneer."

En ek—ek het geweet hy sou, my agtergrond is ook Katoliek, so ek het gesê . . . Ek—ek—ek het geweet hy sou dit doen. Ek het gesê: "Wel, nou . . . "

Hy het gesê: "Ja, maar hy—hy's nie 'n getroude man nie, jy het kinders, jy sal dit aan kinders oordra, jy het twee kindertjies."

Ek het gesê: "Ja, meneer, dis waar." Maar ek het gesê: "My geloof in God . . . "

Hy het gesê: "*Ag*, *uh*, gaan uit." Sien?

91 En ek het gesê: "Wel nou, kyk, daardie . . . Ek—ek is net soveel vir daardie seun daarbinne, volgens hierdie vader en moeder wat hier staan, as wat die priester vir jou sou wees as jy so op sterwe was," sien, ek het gesê: "net soveel. Ons geloof kyk op dieselfde manier na God."

92 Uiteindelik, het hy my aangetrek soos 'n Ku Klux, en my laat ingaan. So ek—ek het ingegaan om vir die seun te bid, en die seun was daar, en 'n verpleegstertjie het saam met ons gegaan, die ou vader en moeder het oor die ander kant van die bed gekniel. Hulle het hom gehad, wat sy, die lug heen-en-weer in hom getrek het, en kunsmatige asemhaling. En hulle het gesê, hulle . . .

93 Ek het gekniel en gebid, net 'n gewone, klein gebedjie, hande op die seun gelê, gesê: "Nou, Here, U het belowe dat U dit sou doen, hierdie vader en moeder glo dit, so ek lê my hande op die seun, en U het gesê vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg, as hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word,

daarom, Here, in my hart glo ek dat U U Woord hou, en so ook hierdie vader en moeder. Dit is volbring, Vader. Dank U." Opgestaan.

94 En die ou vader het die moeder gegryp, en die moeder het die vader gegryp en mekaar begin omhels, en net gehuil, gesê: "Is dit nie wonderlik nie, Skat? Is dit nie wonderlik nie?" En die seun het nooit 'n beweging gemaak nie, hy was twee of drie dae bewusteloos. En gesê: "O, is dit nie wonderlik nie?"

95 En ek het gesê: "Die Here seën julle almal," en begin uitstap. Die klein. . .En ek het uitgegaan, en hulle on-. . .dit alles daarbuite van my afgehaal sodat ek kon gaan.

96 So toe, het die verpleegstertjie nadergekom, sy het gesê: "Meneer," sy het gesê: "Ek kan net nie verstaan nie," sy was net 'n dogter, gesê: "ek kan nie verstaan nie. Jy sien," een of ander soort kardiogram, iets wat. . .gesê: "as dit ooit afgaan tot by 'n sekere plek," gesê: "die hele geskiedenis, het dit nog nooit ooit weer op gegaan nie," en gesê: "die enigste ding is om daardie seun hier te hou; hy verswak die heeltyd," gesê: "hy is net besig om te sterf—net nou besig om te sterf." En gesê: "Toe hy, daardie man daardie gebed gebid het vir daardie baba, of, daardie seun," gesê, hy's omtrent twaalf jaar oud, veertien, gesê: "Jy. . . " Gesê: "Dit het hom glad nie verander nie," gesê: "hy het glad nie verander nie." En gesê: "Daardie naald hang steeds reg hieronder," gesê: "hy's net soos hy was." En gesê: "Dit kan nooit weer opkom nie, want dis onder, en dis al."

97 En die ou heer, julle weet, vaderlik, het sy arms om die verpleegstertjie gesit, en hy het gesê: "O, my dierbare kind." Hy het gesê: "Die Here seën jou, skat." Hy het gesê: "Ek wil nie met jou spot nie, want. . .en ek sal nie verskil van wat jy sê nie," het hy gesê: "maar, jy sien," gesê: "jy is opgelei om te glo dat wanneer daardie naald, of hand, of wat dit ook al is, soontoe gaan, dat dit nooit weer kan terugkom nie."

98 Sy het gesê: "Meneer, dit is die waarheid," het sy gesê: "dit—dit kan nie weer terugkom nie." Gesê: "Die seun is gedaan." Gesê: "Hy's net skaars hier." En gesê: "Hy, haal jy hierdie van hom af, sou hy net nou sterf."

Hy het gesê: "Skat," het hy gesê: "Jy kyk na daardie naald."

Gesê: "Presies."

Sy—sy het hom pas gevra, gesê: "Hoe kan jy lag en so aangaan, en jou seun wat besig is om te sterf?"

Hy het gesê: "Hy's nie besig om te sterf nie," gesê: "hy's genees."

En gesê: "Wel, hoe kan jy dit verwag en daardie naald. . .?"

Gesê: "Skat, dis al wat jy weet om na te kyk, is daardie naald, maar ek kyk na 'n belofte," dis reg: "wat God gemaak het."

99 En daardie seun het twee kinders, en is vandag in Afrika, 'n sendeling. O, dit hang af van wat jy ky-. . . Hy het *verwag* dit sou gebeur, want hy het God se vereistes nagekom, julle sien. Die seun op die altaar gelê, hy het, mediese wetenskap het alles gedoen wat hulle kon doen, alles was verby enige fisiese hulp wat vir die seun gegee kon word, so hy het na God toe gekom en geglo dat God hom sou doen. . . En die Bybel het gesê: "Hy's 'n beloner van diegene wat ywerig na Hom soek." Dis reg.

100 As jy Hom soek met jou hele hart en ernstig raak, sal God daar wees om jou te ontmoet. Dis reg. Maar jy moet nie net soort van huiwerig wees nie, jy moet reguit na God toe kom, en alles bely, en dit uitlê, en op daardie gronde kom, en God sal jou daar ontmoet, en Hy sal iets vir jou doen, Hy sal jou gebede beantwoord.

101 Elke mens wat ooit in God geglo het, of God se Stem gehoor het, het verwag dat Hy iets sal doen. Toe God met Noag gepraat het in die Ou Testament, nou, daar was nooit enige reën op die aarde nie. Wel daar's. . . God het die aarde natgemaak, voor die sondvloed vernietiging, wel, Hy het dit natgemaak deur besproeiing, bo deur die aarde, dit het nooit gereën nie.

102 En God het met—met Noag gepraat en vir hom gesê om 'n ark voor te berei vir die redding van sy huis, dat dit sou reën, reën sou uit die lug kom, en die hele aarde sou bedek word met water, en Noag het verwag dat dit sou gebeur. As hy dit nie verwag het nie, die eerste kritikus wat verbygekom het, sou hy gesê het: "Wel, ek reken miskien was ek verkeerd, dit was nie God nie." Sien? So hy sou weggegaan het.

103 Nou, dis omtrent hoe die 1961 weergawe van die kerk sou optree. Maar dis nie regtig. . . Die ware wedergebore Christen, wanneer God so sê, verwag ons dit sal so wees, God het dit gesê, en dis hoe dit gaan wees, dit moet net so wees.

104 Hy het gesê. . . Julle weet, waarom is ons so, waarom is ons soos ons is vandag, hoe die kerk louwarm is in hierdie Laodicése Kerktydperk? Wel, dis, God wat gesê het dit sou so wees, jy kan niks anders verwag nie, dit moet so wees, dis reg. Maar Hy het. . . "Almal wat Hy liefhet, tugtig en bestraf Hy." En: "Ek staan by die deur en klop, en as enige mens My Stem wil hoor," dis die adres van hierdie kerktydperk, deur God in die Bybel van Openbaring die 3de hoofstuk tot die Laodicése Kerktydperk.

105 Nou, ons let op dat Noag was, vir homself 'n ark voorberei het, beweeg is deur vrees en 'n ark gemaak het, in daardie deur gestaan en preek het vir die ongelowiges, maar hy het verwag dat God Sy belofte sou hou, omdat hy die Stem van God vir hom hoor sê het dat dit gaan reën.

106 Nou, as jy net kan sit waar jy nou is en jouself *so* toewy aan God en verwag dat God iets moet doen, die Stem van God hoor fluister onder in jou hart, "Jy hoef nie te wag vir

'n gebedskaartjie môre-aand nie, *hierdie* is die tyd wat Ek jou gaan genees," dis al: dis afgehandel, sou daar niks wees om jou daarvan af te skud nie.

107 As jy nog nooit die Heilige Gees ontvang het nie, en jy sê: "Here, ek het die Heilige Gees gesoek vir jare, maar ek het net 'n Stem vir my hoor sê ek gaan Dit kry, net vanaand," is dit afgehandel, dit—dis dit, jy sal *so* onder verwagting wees, dit sal moet gebeur.

108 Nou, Noag was, het daar gestaan en kap aan daardie ark, omdat hy verwag het dit sou reën.

109 Nou, kom ons neem net 'n oomblik en vind die kritici wat verbykom en sê: "Wel, nou net 'n oomblik, meneer. Mnr. Noag, sê jy vir my dit gaan reën."

"Ja, meneer."

110 "Nou, ek's 'n wetenskaplike." Wat hulle wetenskaplikes gehad het. Wetenskaplikes het deur Kain se groep gekom. So hy het gesê: "Nou, ons—ons is wetenskaplikes, en—en ons wil graag hê jy moet ons wys waar daardie reën *daar* bo is."

111 Nou, geloof is nie wat jy kan sien nie, maar dis die vaste vertroue van dinge waarop gehoop word, die bewys van dinge wat nie gesien word nie. God het so gesê, ons hoef niks te bewys nie. Bewys is niks, jy kan God nie bewys nie. Jy kan nie eens bewys jy het 'n verstand nie. Dis waar. Jy kan dit nie doen nie. As jy kan, laat my dit sien, dit proe, dit voel, dit ruik, of dit hoor. Het jy ooit jou verstand gevoel, jou verstand gesien, jou verstand geproe? Sien, die sintuie sal dit nie verklaar nie, maar tog het jy een, jy weet jy het.

112 En dis net hoe dit is met God. Jy sê: "Hoe weet ek ek het 'n verstand?" Ek sien hoe ek optree. Ek weet hoe *Iets* my verander het van 'n sondaar na 'n Christen, ek het 'n God wat ek weet wat—wat—wat werklik is, net so werklik as wat jou verstand is, of—of—of enige ander sintuig wat sou werk.

113 Nou, let op, daar's vyf sintuie waardeur ons in die menslike liggaam ingaan, vyf sintuie. Die siel het vyf uitlate, ook, wat is, gewete, ensovoorts, en verbeelding, maar daar's net een ingang tot die gees (dis siel, liggaam, en gees), tot die gees, en dis deurmiddel van eie-wil, wat elke man en elke vrou op dieselfde basis plaas as wat dit in die tuin van Eden was.

114 Jy wil doen . . . jy het 'n . . . Jy het jou eie vrye wil om op te tree op enige manier wat jy wil, en geen van hierdie ander sintuie het enigiets daarmee te doen nie, nie siel of liggaam nie, maar dis deur die gees met eie wil. God het vir Adam gesê: "Die dag wat jy daarvan eet, daardie dag sterf jy." Nou, hy kon eet en lewe, of, hy—hy kon—hy kon eet en sterf, of wegbly daarvan en lewe. Dis dieselfde manier wat ons is, vanaand, ons kan Sy Woord neem en genees word, of ons kan dit los, wegloop daarvan, nie genees

word nie. Ons kan Ewige Lewe hê deur in Hom te glo, of ons kan wegstap en nie Ewige Lewe hê nie, dit hang van jou af, eie wil.

115 En toe Noag die Stem van God vir hom hoor sê het dit gaan reën, en die wolke kom, en gaan reën, en het dit nooit in al die eeue gedoen nie, en—en, maar dit gaan reën, het Noag dit geweet, dat God Skepper-God was, dat Hy kon—Hy enigiets kon doen wat Hy wou doen, en daarom, was Hy—Hy God en daar was niks anders om daaroor te sê nie, hy het net geweet dat—dat Hy in staat was om reën daarbo te maak, as daar nie enige daarbo was nie. Hy's *Jehova-Jireh*: "die Here het vir Homself 'n offer voorsien."

116 So God kan reën maak, as daar geen wolke daarbo is nie, geen reën daarbo nie, as Hy gesê het dit gaan reën, Noag het gesê: "Ek sal in elk geval net aanhou bou aan hierdie ark," want hy het verwag dit sou reën. En toe hy die ark gebou het, was alles in orde, dit het gereën omdat hy geglo het. Nou, dit laat jou snaaks optree wanneer jy—wanneer jy God regtig op Sy Woord neem, en wanneer jy optree asof jy Dit verwag.

Ek het mense sien kom, platvorm, sê: "Wel, kyk, ek's siek, man. Weet jy dit nie?"

"Wel, sekerlik weet ek jy's siek." Goed.

"Wel, kan jy iets doen?"

117 Wel, jy sal—jy sal dit nooit so kry nie. Nee, meneer. En jy sal vir hulle bid, hande op hulle lê, hulle stap van die platvorm af: "Geen verskil voel nie." Huh, jy sal nie, dis een ding wat seker is, jy sal nie. Nou, jy het niks verwag nie.

118 Jy na die platvorm toe kom en God se instruksies volg net soos God sê: dan weggaan, is jy onder verwagting: "Ja, meneer, ek gaan dit ontvang. Dis alreeds gedoen! Ek het gedoen wat God vir my gesê het om te doen, so dit handel dit af." Dis—dis die manier, dis Abraham se Saad.

119 Nou, ons sal nog een neem: Moses. Moses, o, hy was 'n opgeleide teoloog, hy het regtig geweet, want hy kon—hy kon die Egiptenare wysheid leer; hy was so slim. En hy het geweet dat hy gebore is, groot gemaak is om 'n verlosser van Israel te wees, so hy het gedink hy kon sy teologiese opleiding neem en regtig daar uitgaan en dit doen, maar hy het uitgevind hy was 'n mislukking.

120 En wanneer ons probeer om die kerk op te voed tot gemeenskap, wanneer ons die mense probeer opvoed na Christus, slaan ons net in die lug, sal ons nooit nêrens kom nie. Daar's net een manier waarop 'n man of vrou na Christus kan kom, dis deur die Bloed van Jesus Christus deur wedergebore te word, dis die enigste pad wat ons kan stap. Wanneer jy daarin kom, dan ontvang jy egte, Heilige Gees geloof wat jou enigiets teenstrydig met God se belofte laat noem asof dit nie daar was nie.

121 Maak nie saak wat die omstandighede is, hoe siek jy is, wat die dokter gesê het, hy jou opgegee het, jy gaan sterf aan kanker, jy het hartprobleme, mag enige oomblik gaan nie, jy kyk nie eers daarna nie, jy kyk na wat God gesê het. Bly jy net daar by wat God gesê het, daardie, Hy het dit gesê, en dit handel vir altyd af. Nou, jy kan dit nie bluf nie, jy moet dit regtig glo.

122 As jy sê: "O, ja, ek glo dit. . . " O, ek het mense dit sien sê, en as geloof ink was, kon hulle nie 'n kolletjie op 'n *i* sit nie, hulle net—net eenvoudig, net opgewerk, dis hoop in plaas van geloof. Egte geloof neem nie *nee* vir 'n antwoord nie, dis—dit het hare op die bors, dis groot en sterk, dit praat en al die res gaan sit, dis al.

As die ou, julle weet, gevoelens opkom, sê: "Jy—jy voel geen verskil nie. Jy net. . . "

Hy sal sê: "Bly stil!" Geloof sal. "Gaan sit, God het oorgeneem." Dis reg. Nou, is die. . .

"Wel, jou maag is nog seer."

123 "Bly stil! Voel dit nie eers nie." Dis reg. Dis. . .Moenie—moenie wees. . .Sekerlik, dit kyk na wat God gesê het. God het so gesê, so geloof glo dit. As jy net geloof op jou kan hou, dat. . . net geloof laat oorneem, laat dit die res van hulle net soos klein dwergies lyk. Dit laat hulle net sit, want hy's die baas, het yslike groot, sterk spiere, en ek sê julle, al die res, alle gevoelens, en bygelowe, en klein *ismes*, en dinge, gaan net sit wanneer geloof oorneem, hy net, hy's die baas. Dis reg.

124 Nou, en jy's. . .Natuurlik, Moses het gedink dat hy dit gehad het. Maar toe hy op sy eie manier gegaan en hy uitgevind het hy het 'n fout gemaak, en hy het teruggegaan en met 'n pragtige, Ethiopiese vroutjie getrou, 'n seun daaragter gehad, Gersom, en hy het gevestig met 'n goeie lewe van met skape boer, en geweet dat hy erfgenaam sou wees, sodra Jetro gesterf het, sou hy al die troppe self hê, en so hy was redelik tevrede.

125 Maar eendag het hy agter in die woestyn geloop, daar het iets gebeur wat nooit in die kweekskool gebeur het nie, daar was iets wat gebeur het waarvan hy nog nooit tevore gehoor het nie, hy het 'n bos gesien wat brand. Hy het afgedraai om te kyk wat dit was, en 'n Stem het daaruit gespreek, gesê: "Trek uit jou skoene, Moses, die grond waarop jy staan is heilig." O, goeiste! "Ek het die uitroepe van My volk gehoor, Ek het hulle beproewing gesien. Ek onthou My Woord, Ek onthou wat Ek vir Abraham gesê het, maar dat sy saad sou vertoef vir vierhonderd jaar in 'n vreemde land, daardie tyd is verby, Ek onthou My Woord. Goed, Moses, Ek stuur jou soontoe."

126 Kan julle julle 'n man voorstel wat so lafhartig is dat hy weggehardloop het van die volk af, in die moeilikheid beland omdat hy een man doodgemaak het en weggehardloop het van die volk af, teruggegaan het onder die krag van God en die hele volk doodgemaak het, nooit in die moeilikheid beland het nie?

Sien? Wys of jy dit in God se wil doen, of daarbuite in jou eie wil. Sien? Wat jy kan doen en in die moeilikheid beland met jou eie self, waarom laat jy nie net los en laat God dit doen nie? Dis—dis die manier om dit te doen.

127 So hier was hy die volgende dag, jy praat van iets radikaal, jy kan Moses die volgende dag sien, nou, nadat hy 'n ou skaapwagter was, hy was—hy was tagtig jaar oud, miskien 'n lang, wit baard, en sy bleskop, en—en het 'n ou krom stokkie in sy hand gehad met 'n muil, met sy vrou wat daarop sit, met 'n kind op haar heup, en hier gaan sy af soos *hierdie* net aan die gil en skree, wat ondertoe gaan: "Prys God," op pad Egipte toe.

"Waarheen gaan jy, Moses?"

"Gaan af na Egipte om oor te neem." Ja, meneer.

"Wat? 'n Een-man inval?"

"Ja, meneer. Dis reg."

"Hoekom? Hoe weet jy jy gaan dit doen?"

"God het so gesê." Dit het dit afgehandel, sien. "Ek het Sy Stem gehoor, ek verwag Hy sal dit doen." Dis reg.

128 Het laf gelyk. Iemand het gesê: "Arme ou kêrel, 'n een-man inval." Gaan soos, een man wat Rusland gaan verslaan, julle sien. Maar hy het dit gedoen, omdat God so gesê het, en hy het verwag dat God Sy Woord sou hou. Amen.

129 Ek verwag dat God Sy Woord vir ons sal hou. God sal Sy Woord hou vir enige man wat Sy Woord sal neem en sê: "Dis myne. God het die belofte gemaak, en ek verwag dat U dit sal doen. En ek neem nie *nee* vir 'n antwoord nie, ek staan net hier."

130 Soos Buddy Robinson, toe hy geploeg het met sy ou muil daarbuite daardie een dag, en die muil het weggehardloop, en hom aan die oor gebyt, en hy het heiligmaking probeer preek, en hy het gesê: "Nou, is ek nie, is ek nie 'n mooi gesig hier met muilhare oral in my tande, en wat heiligmaking preek nie?"

131 Toe, so hy het in die veld gekniel, hy het gesê: "Here, as U my nie die Heilige Gees gee nie, wanneer U terugkom, sal U 'n hoop bene kry wat net hier lê, wanneer U terugkom." Nou, hy het die Heilige Gees gekry, sodat, die tweede seëning het hy dit genoem, heiligmaking.

132 So nou, dis die manier. Wanneer jy dit by God kry: "*Dit* is dit, *dit* handel dit af. God, U het so gesê, en dis al. Die dokters het alles vir my gedoen wat hulle kan, en ek's 'n hopelose geval in die hande van medisyne, ek's 'n hopelose geval in die hande van die hospitaal, daar's net Een, ek het myself aan U gegee, ek is nou in U hande. God, ek is in U hande." Amen. Bly net daar, iets gaan dan gebeur.

133 Iets maak gereed om te gebeur. Wanneer jy daardie Stem van God vir jou hoor sê, "Jy's Myne, Ek—Ek besit jou, Ek het jou

gekoop met My Bloed, Ek sal . . . deur My wonde het daar vir jou genesing gekom," o, broer, ek sê jou, iets is gereed om te gebeur wanneer jy dit doen.

134 Ja, dit sal maak . . . O, die mense sal sê: "Wel, Lucy, Nettie, of Martha, Mary, wel, jy weet hulle het van hulle verstand af geraak. Ek—ek sê jou, hulle het opgegaan na 'n diens daarbo, en is gesalf, en nou, jy weet, ons weet sy was sterwend aan kanker, die dokter sê sy kan nie gesond word nie, en hier, doen sy al haar wasgoed daar oorkant, sing net: 'Halleluja, halleluja,' wat daar rondloop en *so* aangaan. Wel, die arme vrou het mal geword!"

135 Nee, sy het God net op Sy Woord geneem. Sy tree mal op vir die mense, maar sy gehoorsaam wat God gesê het, dis reg, presies.

136 Moses het dit gedoen. Hier gaan hy, kan julle julle voorstel, hierdie ou kêrel wat mank loop op een voet, hier gaan hy, julle weet, muil agter hom: "Glorie, halleluja"?

"Waarheen gaan jy, Moses?"

137 "Gaan af na Egipte, gaan oorneem." Gaan reguit ondertoe om oor te neem, tagtig jaar oud, wat afgaan na die beste gemeganiseerde leër wat daar in die wêreld was, die hele wêreld verower het. Wat ondertoe gaan, tagtig jaar oud, met 'n vrou en 'n kind, sy—sy seun, Gersom, wat waarskynlik op haar heup sit, en hier gaan sy soontoe, wat hierdie ou muil gelei het, afgegaan het om—om oor te neem, en hy het dit gedoen. Ja. Hoekom? Hy het daardie verwagting gehad. Hoekom? God het so gesê, dit handel dit af. Toe God so gesê het, dit was . . .

138 Johannes, toe hy daar uitgestap, en hy het op die oewer van die Jordaan gestaan, gestaan en preek het, en die priesters oorkant die oewer gesê het: "Wil jy vir my sê daar sal 'n dag kom wanneer die daaglikse offerande weggeneem sal word uit die tempel, en daar sal nie meer enige offerande wees nie? Is die verpligting verby?"

Hy het gesê: "Daar sal 'n dag kom dat daar Een sal kom, wat die Offerande sal wees."

"O, kom by, Prediker! Wat makeer jou? Daar sal nie so 'n tyd soos daardie wees nie."

139 En hy het begin kyk, hy het gesê: "Aanskou," (Amen!) "aanskou die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem." Hoekom? Hy het Hom verwag, want hy het gesê: "Hy wat vir my gesê het in die woestyn om met water te gaan doop, gesê: 'Op Wie jy die Gees sal sien neerdaal en op bly, Hy's die Een wat met die Heilige Gees en Vuur sal doop, dis die Een." Hy het verwag om Hom te sien.

140 Hy het gesê: "Ek het Hom geken, want daar was die teken van die Messias bokant Hom, 'n Lig bokant Hom, en ek het geweet dit was die Messias." En hy het verwag om Hom te sien.

141 O, kerk, ons behoort te verwag om God iets te sien doen, behoort te verwag om ’n stadswye herlewing te sien, ’n skudding onder die mense, sekerlik. Dis aan ons belowe, ons glo dit. Glo julle saam met my, as ons ons harte bymekaar sal sit en glo, iets gaan gebeur, moet dit gebeur. Verwag dit, sekerlik.

142 O, hoe ons kon aangaan, hoe ons net kon voortgaan met verskillendes, maar laat ons nou by Simeon kom, ter afsluiting, volgende paar minute.

143 Simeon, hy was ’n groot man. Nou, ek het oor hom gelees nie lank gelede nie, hy was daar iewers in sy, tagtig jaar oud, ’n ou wyse, geliefd onder die mense, maar was altyd ’n geestelike man. En so, en eendag het hy uitgekom en gesê: “Ek gaan nie sterf, voor ek die Here se Christus sien nie.” Nou, kan julle julle voorstel?

Jy sê: “Hoe sê jy dit, Simeon? Wat laat jou dit sê? Jy gaan af aan die diep kant. In watter soort *isme* het jy beland?”

“Geen.”

“Hoekom sê jy, wat laat jou dit sê?”

144 “Die Heilige Gees het vir my gesê.” Uh-huh. “Die Heilige Gees het dit aan my geopenbaar dat ek nie die dood sou sien, totdat ek die Here se Christus gesien het nie, en ek glo dit, dis al.” Rondgegaan en almal vertel. Maak nie saak hoe groot sy naam was nie, hy hoef nie ’n bloubloed te wees nie, maar hy net—hy net, ek gee nie om wat hy was nie, hy het steeds geglo dat die Heilige Gees reg was. Wel, daar’s geen twee Heilige Geeste nie, daar’s net een Heilige Gees. Dis reg. En hy is gelei deur die Heilige Gees, aan hom geopenbaar deur die Heilige Gees. En dieselfde Heilige Gees wat dit aan Simeon geopenbaar het, kan dit aan jou openbaar, die belofte wat Hy gemaak het. Daar is dit.

Nou, ons vind hom, hier gaan hy rond en vertel almal: “Ja, ek gaan nie sterf nie, ek—ek gaan nie sterf voordat ek die Here se Christus sien nie.”

145 Ek kan die gemeente hoor sê: “Arme ou Simeon, dis so ’n jammerte, arme, ou kêrel. Jy weet, hy’s soort van klein . . . hy het net nou een voet in die graf, iets-oor-die tagtig jaar oud, gereed om te sterf, en kyk, selfs reg van die dag van Adam af het hulle gesoek na die Christus. Kyk, Dawid het na Hom gesoek, van Hom gesing, profete het van Hom geprofeteer, en dit alles, en hier, hierdie ou man, nou is ons verder weg daarvan, ons ooit was in ons hele lewe, en hier hierdie ou man, met een voet in die graf, en net op die punt om te gaan, en hier gaan hy rond tussen die mense en sê: ‘Nee, ek gaan nie sterf nie, ek gaan die Here se Christus sien, dis net op hande.’”

“Hoe weet jy?”

“Die Heilige Gees het vir my so gesê.” Hy het dit verwag, dis reg, verwag dat dit gedoen sou word.

146 Wel, as jy—as jy verwag dat dit gedoen sal word, dan gaan dit gedoen word. Net soos ek dikwels gesê het: “Wanneer die diepte uitroep na die diepte.” Dawid het gesê: “By die gedruis van die, van U waterstrome, die diepte wat uitroep na die diepte.” Daar’s iets aan *iets* waarna jy verlang, *iets* wat in jou hart is.

147 Ek—ek hou daarvan om—om . . . tonele, en ek hou van jag. Ek gaan op in die berge, vandat ek ’n klein seuntjie was, klim daar op, sien daardie son ondergaan in die aand, sien dit opkom in die oggend, sien daardie groot oog van God, lyk asof, daardeur beweeg.

148 Kyk na lentetyd wat nou kom, en die saadjies wat begrawe is onder daardie sneeu hier ’n paar weke gelede, oopgebars, uitgeloop, die pulp wat uit hulle uitloop, daar’s niks oor nie, geen saad, geen pulp, geen stingel, geen blomblaar, geen niks oor van daardie blom nie, die—die, selfs die saad, dit het daarvan afgeval. Weet julle God hou ’n begrafnisstoet vir Sy blomme? Het julle dit geweet? Sekerlik.

149 Die klein, die ryp tref die blommetjie, jonk of oud, dit buig sy klein koppie en sterf, dis dood. En uit daardie blommetjie val ’n klein swart saadjie op die grond, dan kom hier September, dan kom Oktober aan, die traandruppels begin val uit daardie Oktoberreëns, julle weet, en begrawe dit in die grond, begrafnisstoet. Sien?

150 En dit lê daar regdeur die winter en verrot, en—en dan kom die vriespunt en bars daardie saadjie oop, die pulp loop daaruit. En jy mag ’n handvol van daardie grond kry en dit onder na die laboratorium toe neem, jy kan nie enige chemikalieë in die wêreld neem en ooit daardie kiem van lewe daarin vind nie, maar dis daar iewers. Dis reg. Dis weggesteek, jy kan dit nie vind nie, maar laat net die—die—die son, die son bring alle botaniese lewe voort, nou, wanneer daardie son begin skyn, sal daardie lewe weer uitkom.

151 Ek sê julle wat, gaan julle hier uit en lê julle betonpaadjie hierdie—hierdie jaar, lê dit net op die werf. En waar is jou gras die dikste in die volgende jaar? Waar’s dit? Waar is dit enige tyd? Reg langs die rand van die paadjie. Hoekom is dit? Dis daardie lewe wat onder daardie beton lê, en wanneer daardie son, hoewel dit in die skaduwee daarvan is, maar wanneer daardie son begin skyn, sal daardie lewe sy weg reg rondom werk, tot dit aan die rand van daardie sypaadjie uitkom, en sy kop opsteek om God te prys. Hoekom? Die son skyn. Dis ’n meester, dis ’n lewegewer vir alle botaniese lewe. Dit, maak nie saak waar dit is nie, dit sal weer skyn, daardie lewe sal net aanhou om sy pad te vind, sy pad te vind, sy pad te vind totdat dit uiteindelik daar uitkom om sy kop op te lig en God te verheerlik. Hoe kan enigiemand dan nie in die opstanding glo nie?

152 O, wanneer dit, nie s-o-n van God nie, maar S-e-u-n van God, Ewige Lewe, jy kan my begrawe in die see, jy kan my begrawe onder enigiets wat jy wil, maar wanneer daardie S-e-u-n begin skyn met Sy Koms, sal elkeen wat dood is in Hom en Ewige Lewe het, opstaan en saam met Hom gaan, net so seker as wat ek in hierdie preekstoel staan, vanaand. [Leë kol op band—Red.] . . . ? . . . baiekeer.

153 Maar hier nie lank gelede nie, was daar 'n—'n klein seuntjie in ons stad wat die onderwyser vir sy moeder vertel het, gesê het: "Jy moet egter na hierdie kind kyk," gesê: "hy's, eet net uitveërs van potlode af net so vinnig as wat jy vir hom een kry." Het uitveërs afgeëet, en toe het sy mamma hom daarbuite gevind waar hy 'n pedaal van 'n fiets afeet op die agterstoep, net vir hom 'n gastronomiese jubelfees gehou, net 'n pedaal van 'n fiets afgeëet.

154 Wel, hulle het die kêreltjie opgetel en hom afgeneem na die—na die kliniek om hom te laat ondersoek. Die dokters het hom deurgekyk, en 'n ontleding van sy liggaam gedoen, en uitgevind, die kêreltjie, die liggaam het gevra vir swael. Hy . . . Daar's swael daarin, sy liggaam het vir swael gevra, en swael is in rubber, so dis hoekom hy by daardie rubber uitgekom het. Nou, voor daar iets *hier* binne kon wees om swael te vra, moes daar eers 'n swael wees om op daardie vraag te reageer, of daar sou nooit 'n vraag na swael gewees het nie.

155 Met ander woorde, voor daar 'n boom was om in die aarde te groei, moes daar eers 'n aarde wees vir die boom om in te groei, of daar was geen boom nie. Voor daar 'n vis is, 'n vin op 'n vis se rug, moes daar eers 'n water wees vir hom om in te swem, of hy sou nooit 'n vin gehad het nie. Sien? Dis reg.

156 Met ander woorde, daar moet 'n Skepper wees om die skepping te skep. En wanneer, in jou hart . . . Hoeveel glo in Goddelike genesing? Steek jou hand op? Wel, nou so (Dankie.), so seker as wat jy glo in Goddelike genesing, is daar iets in jou, *hier* binne-in jou, wat vir jou sê daar's 'n God wat genees, en voor dit, daardie skepping selfs in jou kon wees, moet daar 'n Skepper wees om die skepping te skep. Amen. Dis reg. Die einste rede waarom julle hier is vanaand, die einste rede waarom hierdie diens aan die gang is, bewys dat daar 'n Fontein van Goddelike genesing iewers oop is.

157 Honger harte, ek het onlangs in Afrika gestaan, waar ons dertigduisend bekeerlinge een middag gehad het, vyf-en-twintigduisend gesien wat genees word op een slag, sewe bakkievragte, so lank soos oorkant hierdie gebou, amper, wat vertrek, volgende oggend het daar vyf-en-twintigduisend mense gestaan wat in die strate afgeloop het met hulle krukke en alles wat daarin lê, en ou beddens, en dinge wat hulle hulle ingebring het, wat afstap. Die verskillende stamme wat saamgaan, sing:

"Glo net, alle dinge is moontlik." Ek en die burgemeester van die stad het daar in 'n hotel gestaan en net gehuil soos babas om te sien.

158 Daardie kombers-inboorlinge die dag tevore het nie geweet watter regter- en linkerhand was nie, en hier was hulle, lieflike Christene, genees deur die krag van God in een oomblik. Hoekom? Hulle het iets sien gebeur, en sodra hulle dit sien gebeur het, het iets by hulle opgekom, en hulle het gesê: "Dis ek, ook!" En toe hulle die geleentheid gehad het, het hulle dit aanvaar en daar het hulle gegaan. Dis al wat dit is. Sien?

159 Daar moet eers 'n—'n skepping wees, of, Skepper, om 'n skepping te skep om jou te laat verlang en in God te glo. En wanneer dit, dit doen, so seker as wat jy glo daarin, wys dit daar's 'n Fontein van Goddelike genesing iewers, dis reg, dit moet wees. En die Bybel praat en sê dat dit Syne is, dis Sy Heilige Gees wat jou lei.

160 Dieselfde Heilige Gees wat Simeon gelei het om dit te glo, is dieselfde Heilige Gees wat jou lei om te glo in Goddelike genesing, geen twee Heilige Geeste nie, net Een. En daardie selfde Heilige Gees wat aan hom geopenbaar het dat hy nie sou sterf voordat hy die Here se Christus gesien het nie, daardie selfde Heilige Gees praat met jou: "Daar is 'n krag van God wat die siekes genees." Sien? O, is dit nie duidelik nie? Dis . . . Wel, jy kan dit nie duideliker maak nie. Sien? "Daar is 'n krag van God wat die siekes genees." Sien?

161 Wel, die dokter het gesê: "Ek ken die man, hy's . . ." Dis baie goed. Ek bid die heeltyd vir hulle, en ek veroordeel nie die dokter nie, nee, meneer, hy's 'n, hy's God se dienskneg, werk op die mense, maar daar's sommige dinge wat hy nie weet nie, en sommige dinge wat hy nie kan doen nie, dan as hy nie kan doen nie, kom ons gaan na die Spesialis toe, julle sien, die groot Een, die groot Spesialis, die groot Geneesheer, en gaan na Hom toe, Hy, ons word uitgenooi om te kom, Hy het ons gevra om te kom, Hy wil hê ons moet daar wees, dis reg, Hy verwag ons. En dis waarom Hy Homself aan jou geopenbaar het, "Ek is die Here, wat al jou krankhede genees. Ek is Jehova-Rapha, Jehova die Geneser, die Here wat al jou krankhede genees."

Iets sê vir jou in jou hart: "Dis reg, ek glo dit."

Wel, dis dieselfde Heilige Gees wat gesê het: "Simeon, jy gaan nie die dood sien, totdat jy die Here se Christus sien nie."

162 Hoeveel siek mense hier glo julle gaan genees word gedurende hierdie diens? Steek julle hand op. Sê: "Ek—ek glo ek gaan genees word, my geliefdes, ensovoorts, gaan genees word." Goed, dis goed. Sien? Iets het dit aan jou geopenbaar. Wat? Dieselfde Heilige Gees. Verwag julle dit? Verwag dat dit gaan gebeur? Hoeveel glo ons gaan 'n groot diens hê? Steek jou hand op, sê: "Ek glo ons is . . ." Goed. Sien? Ek ook. Sien? Wat is dit?

Heilige Gees het dit aan ons geopenbaar. Amen. Ek glo ons gaan die krag van God sien. Glo julle dit nie? Sekerlik. Heilige Gees openbaar dit aan ons, ons—ons glo dit, en ons bly net reg daarby.

163 Nou, julle weet, hulle het nie televisie gehad in daardie dae nie, dank God daarvoor, so toe het hulle—hulle gekom . . . Ek's, ek glo in suiwer heiligheid, ek glo beslis. Ek glo in . . . regtig, ek's . . . Julle sê . . . het my 'n rukkie gelede hoor sê ek is 'n Baptis, ek's 'n Pinkster-Baptis, ek's 'n Baptis wat die Heilige Gees ontvang het. Dis reg.

164 Ek glo in outydse, Pinkster, hemelblou, sonde-dodende godsdiens. Ja, meneer. Ek glo daarin om geweerloop reguit te wees, en dit op dieselfde manier te preek, en net te lewe soos jy preek, en net so hoog te spring as wat jy lewe, dis net reg. As jy nie baie hoog kan lewe nie, moet dan nie baie hoog spring nie, maar maak net jou spronge gelyk aan jou lewe. En ek glo dat dit so behoort te wees, dis wanneer God Sy Woord sal eer, Dit—Dis—Dis óf reg óf verkeerd. En ek—ek glo dat God gesê het: "Beproef alle dinge." En Dit het bewys dat Dit reg is, so ek glo Dit. Amen.

165 Nou, let hierna op, ek wil iets vra. Nou, nie om te begin om . . . die predikers is diegene wat die prediking doen, ek kom hiernatoe vir genesingsdiens, maar ek wil iets vra ten aanskoue van beskawing, en alle regverdigheid, en feite: Let julle op dat ons vroue in Pinkster, en oraloor, elke jaar 'n bietjie meer klere uittrek, bietjie meer klere, bietjie meer klere, en totdat hulle raak, amper, dit 'n skande is?

166 Nou, ons kan dit verwag van mense van die wêreld, hulle ken nie enigiets anders nie. Maar van ons Pinkstermense? En ek wil iets sê: Ek het daar gestaan waar ek dertigduisend kombers-inboorlinge Jesus Christus op een slag sien ontvang het. Daardie vroue staan daar net so nakend, in die wêreld ingekom het, jonk en oud, niks behalwe 'n klein lappie, krale wat voor hulle hang omtrent *so* groot, nooit geweet hulle was nakend nie, niks daarvan geweet nie, en reg op die gronde waar hulle hierdie genesings sien plaasvind het, en hierdie teken, soos ek môre-aand meer daarop ingaan, en dit sien plaasvind, ek . . . Hulle wou, hulle wou iets hê, wou Christus ontvang. En ek het gesê, ek het gevra: "Almal wat glo dat Hy julle sal red, laat hulle opstaan." En dertig- . . . wel, hulle het dertigduisend getel, ek weet nie hoeveel gestaan het nie, maar dertigduisend het opgestaan, het hulle gesê.

En toe, en Broer Bosworth en hulle het gesê: "Ek glo Broer Branham, dat hulle fisiese genesing bedoel het."

167 Ek het gesê: "Ek het nie bedoel nie," het vyftien tolke gehad, julle weet: so ek het gesê: "Ek het nie fisiese genesing bedoel nie, ek het verlossing bedoel, dat jy—jy Christus aanvaar, God se Seun, as jou persoonlike Verlosser, en jy wil Hom dien." Baie van hulle met afgode in hulle hand, ek het gesê: "Julle wat opreg

is daaroor, breek julle afgode op die grond," soos 'n stofstorm, het jy dit sien opgaan soos *daardie*.

168 En toe, sodra hulle Christus ontvang het, daardie nakende vroue, broer, suster, hulle het hulle arms gevou soos *hierdie* om uit die teenwoordigheid van mans uit te loop. En as 'n rou heiden, wat nie regter- en linkerhand ken nie, sodra Christus hulle aanraak, besef dat hulle nakend is, en dan maak ons aanspraak om van die Kerk van die lewende God te wees, en trek onsself elke jaar kaal uit, dit maak nie sin vir my nie, daar's iets verkeerd, iewers. Dis reg. O God! Ja, ons is in Laodicéa, dis waar ons is, ons is—ons is baie ver heen naby die Koms van die Here Jesus. O, laat ons gereed wees om Hom te ontmoet. Ja, ja.

169 Simeon, soos ek gesê het, hulle het nie die televisies gehad nie. Terwyl ek daarop was, het ek 'n opmerking gemaak, iets daaroor eenkeer, daar was 'n dame wat vir my gesê het, deur te praat oor die manier waarop vroue hulleself aantrek in klein ou, noupassende kleertjies, en dinge, en so het sy gesê—gesê: "Waarom . . . "

170 Ek het gesê: "As jy dit doen, sal jy antwoord op die Oordeelsdag vir owerspel pleeg." En iemand het my daaroor gekonfronteer.

171 Ek het gesê: "Jesus het gesê: 'Wie ook al na 'n vrou kyk om haar te begeer, het alreeds owerspel met haar gepleeg in sy hart. En jy mag so rein soos 'n lelie wees aan jou man, of jou liefling, jy mag net so 'n deugsame vrou wees as wat daar in die Verenigde State is, ja, so deugsaam as wat jy was toe jy uit jou moeder se skoot gekom het, maar, dame, as jy jouself so aantrek om sondaars so na jou te laat kyk, gaan hy jou begeer, en wanneer hy dit doen, by die Oordeelsdag wanneer hy antwoord vir sy owerspel, is jy die een wat jouself aan hom vertoon het, daar het jy dit, so jy gaan antwoord vir owerspel pleeg."

'n Vrou het vir my gesê, gesê: "Wel, Broer Branham, dis die enigste soort klere wat hulle maak."

172 Ek het gesê: "Hulle het nog steeds naaimasjiene en verkoop materiaal, so daar's geen verskoning daarvoor nie." Dis net die ding . . . Dis reg. Ons, wat ons vandag nodig het, is 'n goeie, outydse, hemelblou, sonde-dodende godsdiens, 'n ou Paulusherlewing, en die Bybel Heilige Gees, en weer terug na ware Pinksterboodskappe, terug na die waarheid.

173 Wat dit vandag is, soveel van die evangeliste in die veld, evangelisasie word 'n etekaartjie vir hulle. Hulle het sulke groot programme om te borg, hulle kan dit nie voor die kerk sê nie. Een of ander prediker het vir my gesê, gesê: "Jy gaan jou bediening daarmee ruïneer."

174 Ek het gesê: "Enige bediening wat die Woord van God sal ruïneer, behoort geruïneer te word, uitgeskop te word, in elk geval." Ja, meneer. Ek het gesê: "Ek . . . " Dis reg. Jy hoef nie . . .

Wat ons nodig het, is terug na die Bybel, terug na ware heiligheid, terug na God, terug—terug na waar mense geloof kan hê. Hoe kan God Sy Kerk bou op 'n fondament soos daardie?

175 Ons het ons kerke geneem en organisasies gemaak, en ons behoort aan hulle, en vestig net soos die res. En nou, ons het altyd gesê: "Die ou, koue, formele Baptis," en nou sê die Baptiste: "Julle koue, formele Pinksters." Dis reg. Dis presies reg, Pinkster is meer formeel as die Baptiste. Ja, meneer. So daar is ons.

176 Wat ons wil hê, is 'n goeie, outydse, skuddende herlewing regoor hierdie land, mans en vroue terug te bring na God. Wel, die Kerk was veertig jaar gelede in 'n beter toestand vir Jesus om te kom, as wat dit vandag is, destyds toe hulle ware Pinkster onder die mense gehad het. Maar vandag het ons ons optrede verswak, en ons preekstoele het swak geword, en vier of vyf rondtes van klein kweekskool predikertjies het ingekom met krulhare, julle weet, of wat nog, sê niks daarvan nie, want ek het nie enige nie, maar dit maak nie, dit is nie . . . Maar wat ek bedoel om te sê, hulle kry dit by 'n punt, net asof God kleinkinders het, God het geen kleinkinders nie.

177 Julle weet, Metodiste, as jy 'n Metodis is en wedergebore is, is jy 'n Seun van God. Maar wat vind jy? Wesley het gekom, die eerste rondte van Metodiste was goed, tweede rondte het hulle kinders begin inbring, dis dieselfde ding wat die Pinksters gedoen het. 'n Paar jaar gelede, het hulle ware Pinkster gehad, mans en vroue wat by die altaar gekom en die prys betaal het, en deurgekom het, broer, en die lewe gelei het. Ja, meneer. Wel, wat het hulle gedoen? Hulle het hulle kinders ingebring, hulle in die rye laat sit, en hulle toegewy in die kerk, en hulle was Pinkster, dis kleinkinders.

178 Daar's geen plek in die Bybel waar God kleinkinders het nie. Hy is nie Oupa nie, Hy's God, Hy's Vader. Halleluja! En elke man en vrou, ek gee nie om wie jy, of, hoe goed jou vader en moeder was nie, jy moet daardie selfde ondervinding hê om wedergebore te wees en gevul te wees met die Heilige Gees as jy ooit verwag om 'n seun of dogter van God te wees. Dis reg.

179 Net die woord *Pinkster* sal jou nie red nie. *Pinkster* is nie 'n organisasie nie, *Pinkster* is 'n ondervinding vir wie ook al wil, laat hom kom, en drink uit die Fontein van die Water van die Lewe. Amen. Nou, dis waar, vriend. Dis sassafras soos dit . . . Het julle sassafras hierbo? Goed, julle weet wat ek bedoel. Ek het dit eenkeer gesê, 'n kêrel het gesê, iemand het vir my 'n brief geskryf, gesê: "Wat is *sassafras*?" Goed. Maar julle weet wat dit is hierbo. Ja, meneer. O maar, broer, ek sal jou sê, dit—dit sal jou regsien, dit sal—dit sal jou reg laat lewe. Dis waar. Kniel net daar, en bly tot dit verby is, en kom reg met God, ja.

180 En Simeon, daardie dae wat hy was, het daardie belofte gehad, en hy het dit met sy hele hart geglo. Jesus is gebore in

Betlehem van Judéa (Die wyse manne het gekom, hulle het nie die koerante gehad nie.), en agt dae later het die moeder na die tempel gekom vir die offer van die tortelduiwe of duiwe vir die reiniging, besnydenis van die kind. En nou hier kom Jesus, nou ter afsluiting, hier het Jesus gekom, Sy eerste keer in die tempel in die arms van Sy moedertjie.

181 Hulle sê vir my Sy toedraaidoeke was gemaak van 'n, die kombers wat op die rug van 'n juk van 'n os gegooi is wat in die stal gehang het, en dan kan ons 'n vyfhonderd-dollar nertsjas aantrek en ons neus in die lug opsteek, dat dit ons sou laat verdrink as dit op ons sou reën, en dink ons is iemand, en ons Verlosser, die God van die Hemel, gekom en toegedraai is in die doeke van 'n os.

182 "Die jakkalse het gate, en die voëls het neste, maar die Seun van die mens het geen plek om Sy hoof neer te lê nie." En dan dink ons ons is iemand, wat 'n beter motor kan ry as die Joneses, en net ons kinders laat verhonger, amper, om daardie motor te kry, ook, 'n beter televisie te kry, of iets, by die huis bly, op Woensdagaand, van biduur af, en die kerk laat leeg staan om *Ons Is Lief Vir Susie* te kyk, of so-iets aan, hierdie onsin op die televisie; dit wys hoe lief julle God het.

183 Ek sal jou sê, broer, dit . . . wat ons nodig het, is 'n herlewing, dis net presies. Dis wat hierdie volk nodig het, is om terug te keer na God. Ja, meneer. Wanneer jy—jy opdaag . . . Jou optrede wys wat dit is, mense se optrede wys, net presies. As jy die wêreld liefhet, of die dinge van die wêreld, sê die Bybel, dat die liefde van God nie eens in jou is nie. Dis reg. O, jy sluit by die kerk aan, dis reg, maar *Hierdie* is Een waarvan ons praat, jy sluit nie *Hierby* aan nie, jy word Daarin gebore. Ek was in die Branham familie een-en-vyftig jaar, het my nooit gevra, om by die familie aan te sluit nie. Hoekom? Ek is daarin gebore, ek—ek was 'n Branham van geboorte. Dis hoe jy 'n Christen is, jy word gebore in die Kerk van die lewende God, jy word daarin gebore deur geboorte, jy's 'n Christen deur geboorte.

184 Nou, Jesus het in die tempel ingekom, en ek kan my daardie moeders voorstel in daardie dae, julle weet, almal van hulle daarbo met hulle klein babatjies met hulle klein kousies, en hulle klein naaldwerkies, julle weet, en alles wat gedoen is, hulle klein mooi kombersies, en die verenigingsvroue, julle weet, wat praat van . . . En voor jy jou kom kry, het klein Mariatjie ingekom wat hierdie babatjie dra met hierdie doeke, sien, om Hom gedraai van die juk van 'n os. In die verbygang, kan ek sommige van hulle hoor sê: "*Haai! Psst! Psst!* Kyk daar, sien daardie holy-roller?" Of, julle weet wat ek . . . Miskien is dit ook verkeerd.

185 Maar ek sê, gesê: "Kyk na daardie vrou. Weet julle wat? Sy het getrou . . . Daardie baba is buite die heilige eg gebore. *Hmm!* Wat sê jy my! Waar daar 'n rokie trek, sal daar sekerlik iewers 'n

vuurtjie brand. Ja, meneer. Ek sal jou sê, man, dis al wat dit is. Ja, ek sê jou, sy's een van *daardie*, beter haar dophou, sien. Bly weg van haar af."

186 Dis hoe die louwarm gelowige probeer maak met die ware gelowige, "O, hy het sy verstand verloor, hy het afgegaan aan die diep kant, daar's iets verkeerd. O, hy vertrou God *hiervoor*, het hy gesê. Ag, die dae van wonderwerke is verby, glad nie so-iets soos Goddelike genesing nie." Hmm! Goed.

187 Maar in haar hartjie het sy geweet aan Wie daardie Baba behoort het, sy het geweet. En so ook elke mens wat gebore is uit die Gees van God, hy weet waar hy staan, hy weet watter openbaring, Wie hom daardie openbaring gegee het. Paulus het gesê: "Ek het nooit na julle toe gekom, en vir julle verleidelike woorde van mense gepreek, dat julle wysheid sou. . . dat julle geloof gebou sou word in die wysheid van die mens nie, maar ek het gekom en aan julle die krag van die Heilige Gees verkondig." Amen. Dis reg, broer, eenvoudig en duidelik, net duidelik om dit te glo, dis al. God het so gesê, en dit handel dit af, dis—dis die hele ding.

188 Sy het geweet aan Wie daardie Baba behoort het, maak nie saak wat enige van die res van hulle. . . Ek kan hulle sien sê: "Nou, hou julle afstand, moenie na haar toe gaan nie. Moet niks met haar te doen hê nie, sy, bly net weg van haar af."

189 Sy het nie omgegee of hulle het of nie, het geen verskil aan haar gemaak nie, sy het geweet aan Wie hierdie Baba behoort het. Sy het geweet Wie Dit was. Dis reg.

190 Weet julle wat? Toe jy die Heilige Gees gekry het, weet jy wat met jou gebeur het, jy was daar, jy weet waar Dit vandaan gekom het. Het nie gekom van een of ander kweekskool, of begraafplaas, of. . . Dit—Dit het gekom—Dit het van God af gekom. Wel, albei omtrent dieselfde, dooie plekke, so dan, onthou dit.

191 So toe, het sy geweet waar hierdie Baba vandaan gekom het. Sy het dopgehou, en sy het gesê: "Ja, meneer." Sy het geweet, sy het verbygeloop, soos daardie, sonder om haar daaraan te steur, gepraat met haar Baba, sy het nie tyd gehad om met hulle, al daardie verenigings, te assosieer nie.

192 Dis wat die probleem is met ons kerk vandag, hulle het die damesvereniging, die mansvereniging, *hierdie* vereniging, en balspeletjies, sop-aandetes, en alles anders, en bidure word uitgelaat, julle weet. Nie meer. . . En die Heilige Gees het belowe Hy sou net diegene verseël wat gesug en gesteun het vir die gruwels wat in die stad gedoen is.

193 Geestelikes, kan julle tien mense op julle hand merk, vanaand, in hierdie stad wat sug en steun, dag en nag, vir die boosheid en dinge wat in die stad gedoen word? Weet enigiemand in hierdie gehoor waar jy jou vingers plaas op vyf mense wat sug en steun, dag en nag, vir die sondes, en dinge van die stad? Wel

nou, die Bybel het gesê om 'n merk te plaas op diegene wat sug en steun vir die gruwel in die stad. Dis reg. Dis reg. Sien?

194 Geen las meer vir verlore siele nie, dis alles weg, ons—ons het net by die kerk aangesluit en gevestig: "Dis al wat nodig is." Sien? Dis hoe ons kom. Dis so, sonde is so geslepe, en dit sluip reguit nader aan jou voor jy dit weet, sien, dis hoe dit maak. Dit gryp jou net soos die ou slee-glybaan altyd was, en dit het jou, die duiwel doen dit.

195 Nou, broer, laat ons reg van sy grondgebied afkom, laat ons terugkom by God, terugkom na die altaar, die altaar weer herbou wat afgebreek is. Bou jou huis, haal daardie kaarte van die tafel af, en al daardie ou liefdesverhaaltydskrifte, en maak die Bybel oop, en lees die Bybel, en—en—en bid, moenie net gaan en sê: "Seën my familie, en Mary, en Joe, en John, en almal van hulle," klim in die bed, nee, meneer, bly daar by God. O, goeiste!

196 Julle ken daardie lied wat julle altyd gesing het: "Daar is tye wat ek graag alleen wil wees met Christus my Here, ek Hom al my probleme alleen kan vertel"? Dis wat ons weer nodig het, dis wat, daardie soort dienste, daardie soort kerk, dis die soort kerk wat die seëninge van God afbid. Ek is seker julle pastoor sal elke lidmaat waardeer wat so word. Hoedat hy sou . . . ! En hoe dit sou wees as die kerk net weer so kon wees!

197 Nou kom sy aan met hierdie Baba, nou daar is Christus in die tempel. Goed, as Christus in die tempel is, en God het dit aan Símeon geopenbaar dat dit was, Hy hom die Christus sou wys voor hy sterf, wel, ek dink as Christus in die tempel is, is dit tyd vir die Heilige Gees om te gaan werk op Simeon. Dink julle nie so nie?

198 Laat ons dink dis Maandagoggend. Nou, hoeveel klein babatjies sou gebore word? Daar was toe omtrent twee-en-'n-halfmiljoen mense in Israel, en ek veronderstel daar sou ten minste honderde babas elke aand gebore word, en elke agt dae moes hulle besny word, en reinigingsoffer. Goed.

199 Hier is hulle nou, dis Maandagoggend, Siméon is agter in die kantoor, lees die Boekrolle. Laat ons sien, hy tel Jesaja op, en hy begin aflees na Jesaja 9:6: "'Vir ons is 'n Kind gebore, 'n Seun gegee, Sy Naam sal genoem word Raadsman, Vredevors, Sterke God, Ewige Vader, heerskappy sal op Sy skouers wees. En van . . .' O, Wie kan dit wees?"

Omtrent daardie tyd het die Heilige Gees gesê: "Staan op, Siméon."

"Staan op? Wat wil U hê moet ek doen?"

"Staan net op."

"Wel, waarnatoe sal ek gaan?"

200 "Nee, staan jy net op, dis al wat Ek wil hê jy moet doen." Dis hoe God wil hê jy moet maak, net soos Hy sê, gaan maak. Dis wat

julle hierdie week wil doen, wanneer God spreek, tree op, doen dit. Sê: "Gaan sien *So-en-so* om kerk toe te kom." Tree op, doen dit.

"Staan op."

"Ja, Here, hier is ek."

"Wat volgende?"

"Begin loop."

"Waarnatoe?"

"Loop. Ek sal lei, doen jy die loopwerk." Sien?

201 Hier kom hy, ek sien hom uitkom en wonder, "Wel, ek weet hierdie is die Heilige Gees, want Hy het al voorheen met my gepraat." Julle weet wat ek bedoel, nie waar nie? Glo julle seuns van God word gelei deur die Gees van God? Ja, hulle word. Hier kom hy aangestap, deur die tempel gestap, sonder om te weet waarnatoe hy gaan, net gelei deur die Heilige Gees. Nou, kom hy oor, en gaan af deur duisende mense oral, hier bereik hy hierdie lyn van besnydenis van die kinders, kom, loop reg langs hierdie lyn af.

202 Hy sien hierdie vroutjie waarvan almal hulle distansieer, hy stap nader. Die Heilige Gees laat sy hart baie vinnig begin klop, julle weet. O, Hy lei jou na die belofte. Ja. As Hy jou die belofte gegee het, en jy glo in Goddelike genesing, lei Hy jou reg daarin. As jy glo in die doop van die Heilige Gees, lei Hy jou reg daarin. Sien? Waar dit is, sal Hy jou reguit daarnatoe lei.

203 Nou, Hy het hom net hier, langsaan. Siméon steek sy hand uit, neem daardie Baba uit Sy moeder se arms, steek sy hande op, en het gesê: "God, laat U dienskneg in vrede gaan, volgens U Woord, want my oë het U Verlossing gesien."

204 Ver agter, oorkant in die hoek, 'n ou, blinde vrou, genaamd Anna, sy was 'n profetes, Anna was 'n profetes, sy was blind vir jare, sy het daar gesit, en sy het ook gewag en geglo op die vertroosting van Israel, sy het geglo dat daardie Profeet sou kom, en sy het geglo. Sy het daar gesit, en die Heilige Gees het gesê: "Anna, staan op." Amen. Hulle wat geestelik is, word altyd gelei, julle weet, op die regte tyd. "Staan op, Anna."

En hier kom hierdie ou, blinde vrou: "Verskoon my, meneer. Verskoon my, mevrou. Ek's jammer." Gelei deur die Heilige. . .

"Waarnatoe gaan jy, Anna?"

"Ek weet nie, ek word net gelei."

205 Voor jy jou kom kry, kom sy reguit na waar Siméon staan, en sê: "Here, laat U dienskneg in vrede gaan." Sy, soortgelyk, het die Heilige Gees op haar gekom, en sy het begin profeteer oor die Kind.

206 O, broer, suster, as die Heilige Gees 'n blinde vrou in daardie soort tye kon lei, hoeveel behoort Hy ons te lei? Hoewel ons blind word, laat Hy ons teruglei na die Fontein.

> Want daar is 'n Fontein gevul met Bloed,
> Getrek uit Emmanuel se are,
> Waar sondaars onder die vloed gedompel,
> Al hulle skuldvlekke verloor.

207 Glo julle dit? God seën julle. Verwag julle dat iets gaan gebeur? My tyd is verby. Nou, julle is so 'n lieflike gehoor, ek kan nog 'n uur met julle praat, maar my tyd is verby. En laat ons verwag dat God ons 'n groot herlewing sal gee. Sal julle—sal julle by my aansluit in gebed om, vir daardie doel? Sal julle dit doen? Laat ons dan ons hoofde buig.

208 Nou, predikerbroers, ek weet julle almal verwag dit. Ons is hier om saam te werk as 'n eenheid van God, laat niks nou in ons pad staan nie.

209 Kerk, ons is hier om saam met julle te werk, julle almal wat aan die Gemeentes van God behoort, en die Kerk van God, en die Verenigde Pinksters, en wat julle ook al mag wees, ons gee nie om watter brandmerk julle dra nie, ons glo net—net dat God dit sal doen. Laat ons nou eendragtig verenig.

210 Ons Hemelse Vader, hierdie gebroke woorde en praatjie hier, net om soort van al die vrees en styfheid weg te kry uit U Kerk, net om soort van die braakgrond te breek om 'n fondament hier te lê, of nie 'n fondament lê nie, maar om te bou op die Fondament wat alreeds gelê is, Christus Jesus, wat hierdie mense geleer is om te glo deur die jare, dat Jesus Christus, die Seun van God, Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid.

211 Hemelse Vader, ek bid, soos ons ons harte en ons gebede saamvoeg, die Bybel het gesê in die vierde hoofstuk van, glo ek, van die Handelinge van die Apostels, toe die mense saamgekom het, 'n verslag gegee het, toe het hulle eendragtig gebid, en die gebou is geskud waar hulle saam was, en hulle het die Woord van God met vrymoedigheid gespreek.

212 O God, ons gaan hier aan, vandag, met hierdie wonderlike naam op ons vasgespeld, as Pinkstergelowiges, getuig dat ons wedergebore is uit die Heilige Gees, en die Heilige Gees ons lei. Dan, Here, om die kerk te sien verswak, en wegval, en verkrummel, en, O God, wat 'n—wat 'n toestand! Herleef ons, O Here, stuur U Heilige Gees op ons, en bring die verkwikking, die doudruppels van genade van bo.

213 O God, herleef ons—ons—ons gemeenskap hier, laat die hele stad herleef, laat die kerke rondom herleef, laat die Metodiste herleef, laat die Baptiste herleef, laat hulle almal herleef, Here. En, O God, mag dit net hier begin in hierdie gemeente, mag daar so 'n herlewing en ontwaking onder ons wees, Here, tot die Heilige Gees ons harte neem, en ons uitmekaar skeur, en die

kosbare salf uit ons uitdruk wat Hy sou begeer vir ons Kerk om mee gesalf te word. Skenk dit, Here.

214 Seën ons nou. Vergewe ons ons sondes, ons tekortkominge. God, mag daar nie 'n siek persoon wees wat hierdie diens bywoon, wat nie genees sal word nie. Skenk dit, Here. Mag daar nie een persoon wees wat sondig is, of ongelowige wat ooit na hierdie diens toe kom, wat nie gered sal word nie. Skenk dit, Here.

215 Mag die Engele van God na elke kerk regdeur die gemeenskap gaan, elke plek, onder na die kroeë, en—en oortuiging bring oor die sondaars. En mag die Christene uitgaan en getuig, sê: "Kom, kyk! Kom, kyk! Ons het nog nooit so-iets gesien nie." Skenk dit, Here. Mag dit 'n groot gedruis deur hierdie land wees, en God wat eer daaruit kry. Skenk dit, Vader.

216 Seën U kosbare herders, vra ek weer, hieragter, wat hierbo op die platvorm staan, sommige wat ek nog nooit in my lewe gesien het nie, maar, Here God, hulle staan hier om 'n getuie te wees dat hulle, ook, gelowiges is, hulle is hier saam, om hulle deel in te sit, om hulle skouer aan die wiel te sit. Ons harte brand en verlang, Here, ons sien die Gees van God onder ons beweeg. Skenk dit. Doen dit vir ons, Vader. Ons vertrou onsself toe aan U, in Christus' Naam. Tot Sy eer vra ons dit.

217 Nou almal wat hierbinne is wat siek en behoeftig is, steek julle hande op, net nou, steek net julle hande op. Goed. Ek wil hê julle moet julle hande oorkant op mekaar lê, lê nou net julle hande oorkant op mekaar. Party. . . Nou, moenie vir jouself bid nie, bid jy vir die persoon waarop jy jou hand het, hulle bid vir jou. (Ek hou daarvan: "Alle dinge is moontlik.")

218 Nou, in—in ons harte, laat ons nou net dink. Ek kan 'n—'n klomp dissipels rondom 'n—'n seun met epilepsie sien. Ek kan Andréas hoor sê: "Staan terug, kêrels, ek—ek sal julle wys hoe ek dit gedoen het onder by Kapérnaüm, toe ek epilepsie daaronder uitgedryf het. Hier's hoe ek dit gedoen het!" Maar dit het nie gewerk nie.

219 Simon Petrus het gestap, gesê—gesê: "Wel, nou, hier is hoe ek dit gedoen het onder by Joppe, ek sal julle wys hoe ek dit gedoen het daaronder." En dit het nie gewerk nie.

220 Maar hulle het toe gesien wat teen die heuwel afkom, Een wat aangestap kom, stil, miskien nie 'n groot, reusagtige Man nie, Dit het gesê: "Geen skoonheid, ons Hom sou begeer nie." Maar daar's iets omtrent Hom, Hy het geweet waarvan Hy praat. En hy het na Hom toe gehardloop, hierdie vader van die kind, en gesê: "Here, wees my seun genadig, hy is erg besete van 'n duiwel. Ek het hom na U dissipels toe gebring, hulle kon hom nie genees nie."

Jesus het gesê: "Ek kan, as jy glo, want alle dinge is moontlik vir hulle wat glo."

Gesê: "Here, ek glo; help U my ongeloof."

221 Daardie selfde Man, toe Hy die wêreld verlaat het, ons Verlosser, die laaste Woorde wat Hy gesê het: "Gaan in die hele wêreld in, en verkondig die Evangelie. Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Die laaste teken wat Hy gesê het, het Hy gesê: "Hulle sal hande op die siekes lê, hulle sal gesond word."

222 Nou, daar's 'n gelowige wat hulle hande op jou lê, 'n gelowige wat in genesing glo. Jesus het hierdie stelling gemaak: "Hierdie tekens sal vir daardie gelowiges volg, as hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Nou as jy glo met jou hele hart, nie twyfel nie, die, en jy bid die gebed van geloof, dan bid die een wat, waarop jy jou hande het, vir jou, glo ek.

223 Ons Hemelse Vader, ons lê ons hande, deur geloof, op die siekes en die beproefdes, en vra dat U genade en barmhartigheid alles sal voorsien waaraan hulle behoefte het. Hulle bid, Here, net soos hulle in hulle kerk doen; hulle het U lief, en hulle glo U. Ek bid, Hemelse Vader, met my hele hart, dat U elke band van ongeloof sal breek, elke bose gees sal wegwerp, mag hulle nie in staat wees om in die gebou te staan nie, Here, verdryf dit. Mag niks behalwe die suiwer, onvervalste geloof in God in elke hart wees, net nou nie. Mag die duiwel verslaan word in ons lewe, en ons weet hy is verslaan, want hy is die verslane wese.

224 En, Satan, ek draai nou na jou om dit te sê, dat jy verslaan is, jy's nie bang vir ons nie, maar jy's bang vir die Een waarvan ons praat. Jy het elke stukkie krag verloor wat jy ooit gehad het, jy is verslaan op Gólgota, Jesus Christus, God se Seun, het oor elke vyand getriomfeer, Hy het alle siekte oorwin, alle dood, hel, en die graf, en elke oorwinning oorwin wat jy ooit gehad het. En jy's niks anders as 'n bluf nie, en ons daag jou bluf uit, vanaand. In die Naam van Jesus Christus, laat los hierdie mense, hulle—hulle volg ten volle en verwag om genees te word, krag van God is teenwoordig, gelowiges met hulle hande op mekaar gelê. Satan, los daardie mense, kom uit hulle uit, in die Naam van Jesus Christus, jy verloor die stryd.

225 En hulle sal gesond wees omdat God so gesê het, God dit belowe het, ons verwag dit, en ons weet dit sal so wees, want Satan is verslaan, en God het voorrang. Ons weet dat dit so is, want ons vra dit, in Jesus Christus' Naam, vir dit om so te wees, tot God se eer.

226 Nou bly net afgesonder met God, hou nou net aan glo, met jou hele hart, "Here, ek glo dat U my net nou genees. Ek glo, omdat ek my hand op hierdie man *hier* gelê het, hy sy hand op my gelê het, of op hierdie vrou, sy haar hand op my gelê het, ek is gelei om dit te doen, ek is gelei om my hand oorkant op hierdie persoon te lê, hulle is gelei om hulle hande op my te lê, dieselfde Heilige Gees wat vir Siméon gesê het, hom die belofte gegee het,

my gelei om dit te doen terwyl ons net hier in hierdie plek van Goddelike genesing is. Nou glo ek, Here.

227 "Satan, jy kan net sowel nou van my af wegkom, want ek neem. . .Ek's 'n Saad van Abraham deur Jesus Christus, en ek neem die voorrang."

228 Hou net aan glo met jou hele hart, terwyl ek een van ons pastore hier vra, die een, die, een van die broers hier, as julle sal, of julle sal kom bid. Party, een van die pastore hier, kom neem die diens oor, een van julle hier. Goed, meneer.

229 Tot. . .Gehoor, hou julleself net 'n paar oomblikke afgesonder met God. Ek wil julle nou vra, soos julle julle hande terugbeweeg van mekaar af, en sê: "Ek het geglo, en ek neem Hom, net nou, as my Geneser, en maak nie saak wat Satan my ooit probeer sê nie, ek gaan glo dat God my gesond maak," steek jou hand op, sê: "Ek aanvaar dit nou." Steek jou hand op. God seën julle. Dis die manier om dit te doen. Laat daardie soort geloof voortgaan, en julle sal die uitermatige, oorvloedige sien, bo alles wat ons selfs kan doen of dink. Tot ek julle môre-aand sien, hier's die pastoor. God seën julle.

61-0308 Verwagtinge
Liriek Gebou
Richmond, Virginia V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org